

MT 3  
AG

**RGN**

**die intellektueel-  
superieure leerling:  
'n agtergrond-  
beskrywing  
op standerd ses-vlak**

001.3072068 HSRC  
MT 3

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

**RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING**

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon 28831

Telegramme: RAGEN

**President:** Dr. P. M. Robbertse

**Vise-presidente:** Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

**Sekretaresse:** Mej. K. M. Henshall

**Institute en Departemente van die RGN**

Instituut vir Geskiedenisnavorsing

Instituut vir Kommunikasienavorsing

Instituut vir Mannekragnavorsing

Instituut vir Navorsingsfinansiering en -koördinerings

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing

Instituut vir Psigometriese Navorsing

Instituut vir Sosiologiese Navorsing

Instituut vir Statistiese Navorsing

Instituut vir Taal, Lettere en Kuns

Departement van Inligting en Spesiale Dienste

Administrasie

**Funksie van die RGN**

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.



RGN-BIBLIOTEEK  
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

1985 -07- 2 8  
1986 -08- 2 1


**RIEURE  
ERLING:  
YWING  
3-VLAK**

.A., D. PHIL.

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING  
DIREKTEUR: MNR. W. VERHOEF

PRETORIA  
1970  
VERSLAG Nr. MT 3

0 0 0 0 4 5 0 1 5 5



2844363866



Obtainable in English  
Kopiereg voorbehou



**BIBLIOTHEEK** **HSRC**  
**LIBRARY**

1963 -09-09

**ANSKODE**

001: 307206 HSRC MT 3

**BESTELNOMMER** 061240

G

## ERKENNING

Die gegewens wat in die navorsing waaroor hierdie verslag handel, gebruik is, is deur middel van Projek Talentopname verkry. Talentopname is 'n langtermynnavorsingsprojek wat in 1965 'n aanvang geneem het met die hoofdoel om te bepaal wat die land se mannekragpotensiaal is en om gegewens beskikbaar te stel wat sal help om hierdie potensiaal tot die maksimum te laat ontwikkel. Die projek is met die samewerking van al die onderwysdepartemente van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika asook die verenigings van kerk- en privaat-skole onderneem.

Die persone wat die breë beplanning tussen 1959 en 1964 opgestel het en die nodige oortuigingswerk gedoen het om Talentopname tot stand te bring, is dr. P.M. Robbertse, tans President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), prof. dr. H.P. Langenhoven, tans verbonde aan UOVS en dr. A.B. Fourie, tans verbonde aan die Departement van Bantoe-onderwys. Talentopname word uitgevoer onder leiding van mnr. W. Verhoef, Direkteur, Instituut vir Mannekragnavorsing en mnr. W.L. Roos, Hoofnavorsingsbeampte, Instituut vir Mannekragnavorsing. Die toetse en persoonlikheids- en belangstellingsvraelyste wat gebruik is, is opgestel deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing waarvan dr. J.H. Robbertse die Direkteur is. Persone, behalwe bogenoemdes, wat ook ten nouste met Talentopname gemoeid is, is die volgende:

- (i) Personeellede
  - (a) Dr. J.D. Venter, Vice-president van RGN
  - (b) Talentopnamekomitee
    - Dr. A.J. van Rooy, Vice-president van RGN
    - Mnr. J.B. Haasbroek, Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
    - Dr. F.A. Fouché, HNB, Instituut vir Psigometriese Navorsing
  - (c) Instituut vir Mannekragnavorsing
    - Mnr. U.J. van der Walt, HNB
    - Mnr. F.B. Smith, SNB
    - Mnr. G.F. Starker, SNB
  - (d) Instituut vir Statistiese Navorsing
    - Mnr. A.R. van den Berg, HNB
- (ii) Advieskomitee vir Talentopname (uitgesonderd personeellede)
  - Dr. N.J. Heyns, Kaaplandse Onderwysdepartement
  - Dr. J.C. Groenewald en mnr. H.J. van der Merwe, Transvaalse Onderwysdepartement
  - Dr. A.C. Böhmer, Onderwysdepartement van die OVS
  - Dr. H.A. Coetzee, Natalse Onderwysdepartement
  - Dr. C.H. de C. Murray, Departement van Hoër Onderwys
  - Mnr. R.G. Post, Onderwysdepartement van SWA
  - Brother Smith, Vereniging van Kerkskole (tans mev. T.A. Nixon)
  - Mnr. A.R.A. Murray, Vereniging van Privaatskole
  - Prof. G.J. Jordaan, Nasionale Onderwysraad (tans mnr. P.W. du Plooy)

Daarby word met dank verwys na die meer as 1000 persone, meesal onderwysers, wat by skole as toetsafnemers, organiseerders of toesighouers opgetree het en personeellede van die Sielkundige en Voorligtingsdienste van al die onderwysdepartemente wat toetsafnemers opgelei het en belangrike skakels in die groot organisasie van die toetsprogramme was. Die sukses van Talentopname word ook aan die heilhartige samewerking van die ongeveer 85 000 leerlinge wat betrokke is, toegeskryf. Laastens word met dank van die Departement van Hoër Onderwys melding gemaak wat 'n IBM 1230-optiese leser asook hul IBM 360-rekenaar beskikbaar gestel het.



## VOORWOORD

Een van die hoofdoelstellinge met Projek Talentopname, wat in 1965 'n aanvang geneem het, is die bestudering van begaafdheid en die identifisering van begaafdes. Aangesien begaafdheid 'n breë begrip is wat verskillende aspekte van menslike vermoë insluit, bepaal Talentopname hom voorlopig by die bestudering van die intellektueel-superieure leerling soos in hierdie verslag omskryf. Latere navorsing sal ook gedoen word insake skolasties-begaafde leerlinge asook leerlinge met spesifieke begaafdhede soos byvoorbeeld buitengewone wiskundige vermoë.

Die huidige verslag is die eerste in 'n reeks verslae wat insake die intellektueel-superieure leerling sal verskyn. In hierdie eerste verslag word alleenlik 'n beskrywing gegee van die biografiese agtergrond, gesinsagtergrond, skool- en studie-aangeleenthede, vryetydsbesteding en algemene beoordeling van klasonderwysers aangaande intellektueel-superieure leerlinge wat in 1965 in st.6 was. Volgende verslae in die reeks sal handel oor hul skolasiese prestasie, persoonlikheid, aanpassing, aanleg en belangstelling en daarna die onderlinge verband tussen al hierdie faktore sowel as die agtergrondfaktore. Verdere verslae in die reeks sal handel oor die vordering van hierdie leerlinge gedurende hulle hoërskool- en verdere loopbane, wat dan lei tot finale verslae waarin alle bevindinge saamgevat en tot 'n slotsom geraak kan word aangaande die faktore en/of omstandighede wat met die maksimale ontwikkeling van hierdie leerlinge te doen het.

Besonderhede oor die Talentopnametoetsprogramme van 1965, 1967 en 1969 asook die opvolgprogramme is in twee verslae gepubliseer, te wete verslag MT 1 (Doel en Eksperimentele Opset van Projek Talentopname, W. Verhoef en W.L. Roos, 1970) en verslag MT 2 (Die 1965-Talentopnametoetsprogram, W.L. Roos, 1970).

Vanweë die besondere groot verskeidenheid van gegewens wat deur middel van hierdie programme ingesamel is en tans nog ingesamel word, soos blyk uit gemelde twee verslae, is dit alleen maar om praktiese oorwegings dat eerder 'n reeks verslae as 'n enkele allesomvattende verslag beplan is. Wat in die onderhawige verslag verskyn, moet dus bloot as 'n inleiding of 'n eerste stap beskou word.

Die belangstelling in die intellektueel-superieure moet gesien word in die lig van die Republiek van Suid-Afrika se mannekragprobleem met spesifieke verwysing na die tekort aan hoëvlakmannekrag. Om sy huidige peil van ontwikkeling te handhaaf, is dit noodsaaklik dat Suid-Afrika sy beskikbare mannekragpotensiaal tot die maksimum sal ontwikkel en benut.

Die ontwikkeling en vooruitgang van 'n land is nie alleenlik afhanklik van die benutting en ontwikkeling van sy natuurlike hulpbronne nie. Die ontwikkeling en benutting van 'n land se menspotensiaal is ewe belangrik en dit behoort 'n belangrike doel en strewe van 'n volk te wees om vir die maksimale ontwikkeling van sy menspotensiaal voorsiening te maak.

Indien uitgegaan word van die standpunt dat die maksimale ontwikkeling van 'n land se menspotensiaal 'n vereiste vir die maksimale benutting daarvan is, kan die vraag gestel word of Suid-Afrika in die verlede reg laat geskied het aan die maksimale ontwikkeling en gevolglik ook aan die maksimale benutting van sy intellektueel-superieures. Is die onderwysstelsel in Suid-Afrika genoegsaam daarop ingestel om die inherente vermoëns van hierdie leerlinge maksimaal te ontwikkel of is die eise wat aan hulle gestel word, moontlik só laag dat hulle in intellektuele traagheid verval? Voorsien ons onderwysstelsel nie miskien beter in die behoeftes van ons fisiek- en psigiesgestremde leerlinge as in die behoeftes van ons intellektueel-superieure leerlinge nie?

In die lig van bogenoemde is die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967 'n groot voorwaartse stap aangesien genoemde wet voorsiening maak vir 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys waarvolgens "onderwys verskaf moet word ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerling en die behoeftes van die land ..." (Artikel 2(1)(f), Wet No.39, 1967). 'n Stelsel van gedifferensieerde onderwys skep die moontlikheid om in 'n hoër mate as wat in die verlede die geval was, voorsiening te maak vir die onderwysbehoefte van die intellektueel-superieure leerling.

Alvorens daar egter deur middel van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys voldoende voorsiening gemaak kan word vir die onderwysbehoefte van die intellektueel-superieure met die oog op die beter ontwikkeling van sy potensialiteite, is dit nodig om te weet wat die aard van daardie behoeftes is. Hierdie kennis kan verkry word deur 'n studie van die intellektueel-superieure en dit is onder andere met die oog hierop dat navorsing insake begaafdheid deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing deur middel van Projek Talentopname onderneem word.

  
P R E S





	AGTERGROND	
2	DOEL	
3	DIE ONDERSOEKGROEP	
4	METODE	2
4.1	Meetmiddels	2
4.1.1	Die Biografiese Vraelys	2
4.1.2	Vraelys aan die st.6-klasonderwysers(esse)	2
4.2	Beduidendheid van verskille	2
5	AGTERGRONDBESKRYWING	3
5.1	Biografiese gegewens	3
5.2	Beoordeling deur die standaard ses-klasonderwysers	24
6	SAMEVATTING EN SLOT	31
6.1	Persoonlike en ander besonderhede	31
6.2	Gesinsagtergrond	31
6.3	Skool- en studieaangeleenthede	32
6.4	Vryetydsbesteding	32
6.5	Onderwysersbeoordeling	32
6.6	Slot	32
	BYLAAG	33
	VERWYSINGS	34

## TABELLE

BLADSY

5.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE BEROEP VAN VADER/STIEFVADER/VOOG	3
5.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE EIE BEROEPSKEUSE	4
5.3	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS AREA WAAR SKOOL GELEË IS	4
5.4	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESLAG	5
5.5	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TOESIG GEDURENDE SKOOLKWARTALE	5
5.6	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS WOONAREA GEDURENDE SKOOLKWARTALE	6
5.7	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SOORT WONING GEDURENDE SKOOLKWARTALE	6
5.8	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESINSGROOTTE	7
5.9	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS RANGORDE IN DIE GESIN	7
5.10	GETAL LEERLINGE VAN WIE DIE OJERS OORLEDE IS	8
5.11	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS EGSKEIDING OF VERLATING VAN OJERS	8
5.12	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN HULLE VADERS/STIEFVADERS/VOOGDE	9
5.13	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN HULLE MOEDERS/STIEFMOEDERS/VOOGDESSE	9
5.14	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF DIE MOEDER WERK OF NIE WERK NIE	10
5.15	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL BROERS EN/OF SUSTERS WAT OP UNIVERSITEIT WAS OF IS	11
5.16	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEN OPSIGTE VAN GODSDIENS	11
5.17	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE OUDERDOM WAAROP HULLE VIR DIE EERSTE KEER SKOOL TOE IS	12
5.18	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE BYWONING VAN KLEUTERSKOLE	12
5.19	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL SKOLE WAT BYGEWOON IS	12
5.20	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL STANDERDS WAT OORGESLAAN IS	13
5.21	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL KERE GEDRUIP	13
5.22	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS VOORKOMS VAN DRUIPING TOT EN MET ST.3	13
5.23	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS VOORKOMS VAN DRUIPING VAN ST.3 TOT EN MET ST. 6	14
5.24	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEN OPSIGTE VAN SKOOLGAAN	14
5.25	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE ONDERWYSASPIRASIES	14
5.26	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE ONDERWYSASPIRASIES WAT HULLE OJERS VIR HULLE HET	15
5.27	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL OJERS WAT HULLE KIND TOT ST.10 KAN LAAT LEER	15
5.28	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL OJERS WAT DIT KAN BEKOSTIG OM HULLE KIND UNIVERSITEIT TOE TE STUUR	16
5.29	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUISWERK	16
5.30	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULP WAT HULLE BY DIE HUIS MET HUISWERK ONTVANG	16
5.31	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD OM SKOOLWERK TE DOEN	17
5.32	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS LEESGEWOONTES	17
5.33	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL AKTIWITEITE WARAAN HULLE DEELNEEM	18
5.34	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD AAN BUITEMJURSE AKTIWITEITE BESTEE	18
5.35	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DEELNAME AAN NASKOOLSE LESSE	19
5.36	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE STOKPERDJIES WAT HULLE BEOEFEN	19
5.37	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE BEOEFENING VAN ADDISIONELE STOKPERDJIES	20
5.38	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL STOKPERDJIES WAT HULLE BEOEFEN	20
5.39	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE AKTIWITEITE WAARVAN HULLE DIE MEESTE HOU	20
5.40	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEN OPSIGTE VAN SPORT	21
5.41	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEN OPSIGTE VAN GELEERDHEID	21
5.42	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEN OPSIGTE VAN SKOOLREËLS	22
5.43	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE BEGEERTE OM LEIDING TE NEEM	22
5.44	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE GENOEG SAKGELD ONTVANG	22
5.45	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE VIR SAKGELD WERK OF NIE	23
5.46	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE GESONDHEIDSTOESTAND GEDURENDE 1965	23
5.47	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PSIGIESE EN/OF FISIEKE PROBLEME WAT HULLE MOEILIKHEID GEE	23
5.48	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL DAE WAT HULLE GEDURENDE 1965 VAN SKOOL AFWESIG WAS	24
5.49	DIE LEERLINGE SE GEMIDDELDE OUDERDOM IN JARE	24
5.50	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BEOORDELING TEN OPSIGTE VAN LEIERSKAP	25
5.51	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PRESTASIE OP SPORTGEBIED	25
5.52	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE VAK OF VAKGROEP WAARIN HULLE BESONDERE AANLEG TOON	26

5.53	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE PRESTASIE IN WISKUNDE, REKENKUNDE OF ALGEMENE WISKUNDE	26
5.54	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE PRESTASIE IN EERSTE TAAL	27
5.55	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE PRESTASIE IN TWEDE TAAL	27
5.56	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE PRESTASIE IN ALGEMENE WETENSKAP	27
5.57	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE PRESTASIE IN GESKIEDENIS, AARDRYKSKUNDE OF SOSIALE STUDIES	28
5.58	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE VOORKOMS VAN STOKKIESDRAAIERY	28
5.59	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE INVLOED WAT AFWESIGHEID VAN SKOOL OP HULLE SKOOLPRESTASIES HET	29
5.60	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SAMEWERKING MET HULLE ONDERWYSERS/ ONDERWYSERESSE	29
5.61	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE YWER TEN OPSIGTE VAN SKOOLWERK	30
5.62	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE KANSE OM ST.10 TE SLAAG	30
5.63	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SAMEWERKING MET MEDESKOLIERE	30
5.64	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE HOOGSTE STANDERD WAT HULLE KAN SLAAG	31



1 AGTERGROND

Een van die hoofdoelstellinge met Talentopname wat in 1965 deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) in samewerking met al die onderwysdepartemente en verenigings van kerk- en privaat-skole begin is, is om die begaafde leerling te identifiseer en 'n studie van begaafdheid te maak. Vir die doel van Talentopname is 69908 Blanke st.6-leerlinge gedurende die derde kwartaal van 1965 met 'n omvattende battery toetse en vraelyste, wat 'n volle skoolweek in beslag geneem het, getoets. Bogenoemde getal leerlinge is nagenoeg al die st.6-leerlinge wat in 1965 in gewone skole in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika was en word vir praktiese doeleindes beskou as die universum van 1965 se st.6-leerlinge. Die enigste leerlinge wat nie by Talentopname betrek is nie, was subnormale leerlinge in spesiale klasse of skole en leerlinge verbonde aan nywerheids-, verbeterings- en ander spesiale skole aangesien daar gemeen is dat hierdie leerlinge om spesifieke redes reeds van die universum geskei is.

By die samestelling van die 1965-toetsbattery is gepoog om soveel aspekte of dimensies as moontlik van die totale persoonlikheid te meet. Voorsiening is gemaak vir die meting van verstandelike vermoë, aanleg, belangstelling, persoonlikheid, aanpassing, skolastiese peil en agtergrond. Hierdie verslag handel egter oor net een breë aspek, naamlik agtergrond en ook net sover dit betrekking het op 'n deel van die leerlinge wat in Talentopname betrek is, naamlik begaafdes.

Die begrip "begaafd" is 'n breë begrip wat die totale persoonlikheid omvat en onder andere 'n persoon se verstandsvermoëns asook sy ander geestesvermoëns in berekening moet bring (Duminy, 1960). So gesien, is die gebruik van 'n enkele kriterium, naamlik intelligensie (nieteenstaande dit 'n baie belangrike aspek van begaafdheid is) te eng om die begaafde te identifiseer. Aangesien die groep leerlinge wat in hierdie verslag onder bespreking kom, geselekteer is op grond van hulle intelligensie, word die begrip "begaafd" voorlopig nie op hulle van toepassing gemaak nie en word hulle op grond van hulle hoë intellektuele vermoë slegs as intellektueel-superieur beskou (intellektueel-begaafd sou 'n ewe gepaste benaming wees).

Die studie van begaafdheid soos deur Talentopname beplan, is 'n langtermynprojek wat onder andere beoog om leerlinge gedurende hulle skoolloopbaan asook na skoolverlating op te volg. Op hierdie manier sal uiteindelik vasgestel kan word watter leerlinge wel oor die nodige fisiese en psigiese vermoëns beskik wat dit sal regverdig om hulle as begaafd te beskou. So gesien is Talentopname ook gemoeid met die bepaling van 'n kriterium of kriteriums vir die identifisering van die begaafde. Sy langtermynopset asook sy omvattende meting van die persoonlikheid ten opsigte van verskillende aspekte, maak Talentopname uiters geskik vir dié doel.

2 DOEL

Die doel met hierdie verslag is om die intellektueel-superieure leerling ten opsigte van biografiese agtergrond, onderwysersbeoordeling en enkele ander aspekte met die universum van 1965 se st.6-leerlinge te vergelyk om sodoende 'n beter begrip van die intellektueel-superieure leerling te verkry. Hierdie verslag dien verder as 'n inleidende studie en is die eerste van 'n reeks verslae insake intellektueel-superieure leerlinge en begaafdheid as verskynsel. In hierdie verslag word die klem op die beskrywing van die feitlike gegewens gelê eerder as die sielkundige en/of opvoedkundige verklarings van die resultate.

3 DIE ONDERSOEKGROEP

Die st.6-leerlinge wat die ondersoekgroep vir hierdie ondersoek vorm, is op grond van 'n enkele kriterium, naamlik intelligensie soos deur die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (NSAG) gemeet, geselekteer. Die NSAG meet sekere aspekte van die ontwikkelingsintelligensie, dit is oorgeërfde intellektuele potensiaal wat tot op die dag van toetsing onder omgewingsinvloede ontwikkel het. Alleenlik leerlinge wat 'n IK-stanege van 9, dit wil sê 'n IK-punt van 127+ op al drie tellings (Verbaal, Nie-verbaal en Totaal) van die NSAG behaal het, is in die ondersoekgroep ingesluit. Volgens die IK-indeling van Wechsler (1958) val hierdie leerlinge in die superieure en hoogs superieure groepe.

Die ondersoekgroep bestaan uit 863 seuns en 826 dogters, dit wil sê 'n totaal van 1689 leerlinge en verteenwoordig 2.4 persent van die universum van 1965 se st.6-leerlinge. In

'n normaalverdeling behaal ongeveer 4 persent van die bevolking 'n IK-stanege van 9 oftewel 'n IK-punt van 127+. Die rede waarom die ondersoekgroep slegs 2.4 persent van die universum verteenwoordig, kan verklaar word deur die feit dat 'n leerling wat byvoorbeeld 'n Totale IK-punt van 127 behaal het maar 'n Nie-verbale of Verbale IK-punt van minder as 127 behaal het, nie in die ondersoekgroep ingesluit is nie.

'n IK-stanege van 9 (IK-punt van 127) as die onderste grens waarvolgens die toetsgroep geselekteer is, is 'n bloot arbitrêre snypunt en berus op praktiese oorwegings. Aangesien al Talentopname se toetsresultate in staneges (9 standaardpunte) omgesit is, het die gebruik van 'n IK-stanege die voordeel dat dit direk onderling vergelykbaar is met ander toetsresultate om sodoende te bepaal of leerlinge ten opsigte van ander metings in ooreenstemming met hulle intelligensievermoë presteer. 'n IK-punt van 127 is na genoeg aan 'n IK van 130 wat deur die meeste ondersoekers as die onderste grens vir die identifisering van die begaafde gestel word wanneer begaafdheid op grond van 'n enkele kriterium, naamlik intelligensie gedefinieer word (Freehill, 1961; Hildreth, 1966).

Die universum van 1965 se st.6-leerlinge dien as die kontrolegroep waarmee die ondersoekgroep vergelyk word met die doel om te bepaal in watter mate die ondersoekgroep ten opsigte van biografiese agtergrond en onderwysersbeoordeling van die kontrolegroep verskil. Daar moet in gedagte gehou word dat die ondersoekgroep vir vergelykingsdoeleindes by die kontrolegroep ingesluit is. Dit impliseer dat enige betekenisvolle verskil wat gevind word, nog groter sou gewees het indien die ondersoekgroep nie deel van die kontrolegroep of universum was nie.

#### 4 METODE

##### 4.1 MEETMIDDELS

Die gegewens wat in hierdie verslag gerapporteer word, is deur middel van 'n Biografiese Vraelys en 'n Onderwysersvraelys verkry.

##### 4.1.1 Die Biografiese Vraelys

Hierdie vraelys is spesiaal vir Talentopname opgestel met die doel om soveel moontlik biografiese en ander agtergrondgegewens van elke leerling te bekom. Die vraelys bestaan uit 66 vrae wat ongeveer 45 minute neem om te beantwoord. By elke vraag, met die uitsondering van twee oop vrae en die eerste vier vrae wat identifiserende gegewens lewer, word 'n aantal moontlike antwoorde gegee waaruit die leerling die een moet kies wat op hom van toepassing is. Die antwoorde wat gegee word, is sodanig dat dit vir 'n leerling moontlik is om elke vraag te beantwoord. Die vraelys verskaf onder andere persoonlike besonderhede en gegewens ten opsigte van die leerling se gesinsagtergrond, skool- en studieaangeleenthede en vryetydsbesteding. Die vraelys is deur die st.6-leerlinge self beantwoord.

##### 4.1.2 Vraelys aan die st.6-klasonderwysers(esse).

Die doel met hierdie vraelys was om 'n beoordeling deur die st.6-klasonderwyser(es) van elke st.6-leerling te verkry ten opsigte van onder andere die leerling se gedrag, aanpassing en vermoëns ten opsigte van die skoolsituasie. Die vraelys bestaan uit 21 vrae wat deur die st.6-klasonderwyser(es) ten opsigte van elke st.6-leerling wat aan Talentopname deelgeneem het, ingevul moes word. Die eerste vier vrae lewer identifiserende gegewens.

#### 4.2 BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE

Normaalweg word in navorsing van steekproewe wat die universum of populasie verteenwoordig, gebruik gemaak. Die bevindinge wat op die steekproef van toepassing is, word dan na die populasie veralgemeen. Induktiewe statistiek word in hierdie gevalle gebruik om te bepaal met watter mate van sekerheid die bevindinge wat uit die steekproewe blyk, op die universum van toepassing is en wat die risiko is wat in so 'n veralgemening vervat is.

In die geval van Talentopname is die universum van st.6-leerlinge getoets sodat die ondersoekgroep van leerlinge met 'n IK van 127+ ook al sodanige leerlinge verteenwoordig oftewel 'n sub-universum is. In die praktyk kom dit dus daarop neer dat twee universums met mekaar vergelyk word. In so 'n geval geld inductiewe statistiek nie meer nie maar wel beskrywende statistiek. Enige bevinding is werklik en feitlik aangesien dit beskrywend van die universum self is. Die berekening van die beduidendheid van verskille is nie nodig nie aangesien enige verskil 'n werklike verskil is wat nie op waarskynlikheid berus nie. Die enigste probleem is dus hoe groot die verskil moet wees voordat dit as van praktiese betekenis beskou kan word. Vir die doel van hierdie ondersoek word persentasie-verskille van ongeveer 5 persent beskou as groot genoeg om van praktiese betekenis te wees en gevolglik as betekenisvol beskou.

Die agtergrondbeskrywing van die intellektueel-superieure leerlinge in vergelyking met dié van die st.6-universum, geskied aan die hand van die biografiese gegewens wat deur middel van die Biografiese Vraelys verkry is en die onderwysers se beoordeling soos verkry deur middel van die Onderwysersvraelys.

### 5.1 BIOGRAFIESE GEGEWENS

By die rapportering van die biografiese gegewens sal opgemerk word dat die getal leerlinge van tabel tot tabel verskil. Die rede hiervoor is dat 'n leerling nie noodwendig al die vrae van die Biografiese Vraelys beantwoord het nie. Die persentasies wat in elke tabel gegee word, is bereken op grond van die getal leerlinge ten opsigte van wie gegewens beskikbaar is, dit wil sê die N wat gerapporteer word. Die getal leerlinge van wie gegewens nie beskikbaar is nie, word ook verstrek.

Vrae 1 tot 4 verskaf identifiserende gegewens en geen statistiek word in die geval van hierdie vrae verstrek nie. In die geval van die 57 vrae wat vir die doeleindes van hierdie verslag gebruik is, word die vrae woordeliks gestel soos dit in die vraelys aan die leerlinge gestel is.

#### 5.1.1 VRAAG 5 : Wat is die beroep van jou vader/stiefvader/voog wat vir jou verantwoordelik is?

Die verdeling van leerlinge volgens die beroep van hulle vaders/stiefvaders/voogde, in elf beroepsgroepe ingedeel, word in tabel 5.1 weergegee. (Vir voorbeelde van die beroepe wat by die verskillende beroepsgroepe ingedeel is, kyk bylaag.)

TABEL 5.1  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE BEROEP VAN VADER/STIEFVADER/VOOG

Beroepsgroepe	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Professioneel of semi-professionele werkers	577	34.2	8169	11.7
Administratiewe werkers	393	23.3	9957	14.2
Klerklike werkers	190	11.2	6896	9.9
Verkoopswerkers	109	6.4	3375	4.8
Geskoolde ambagsmanne	104	6.1	11633	16.6
Opgeleide buitewerkers	102	6.0	8311	11.9
Boere, tuiniers, bosbouers, vissers	116	6.9	8749	12.5
Persoonlike en huishoudelike dienswerkers	3	0.2	263	0.4
Operateurs en halfgeskoolde werkers	67	4.0	7550	10.8
Ongeskoolde werkers	6	0.4	1513	2.2
Pensioentrekkers	15	0.9	2282	3.3
Geen beroep verstrek nie	7	0.4	1210	1.7
TOTAAL	1689	100.0	69908	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	0	-	0	-

Indien die eerste vier beroepsgroepe as die hoëre sosio-ekonomiese beroepe beskou word, blyk 'n duidelike tendens, naamlik dat die ondersoekgroep se vaders oorwegend die hoëre sosio-ekonomiese beroepe beklee terwyl dit nie in so 'n mate die geval met die universum is nie. Vyf-en-sewentig punt een persent van die ondersoekgroep se vaders val in die eerste vier beroepsgroepe teenoor 40.6 persent in die geval van die universum. Vier-en-dertig punt twee persent van die ondersoekgroep se vaders beklee professionele of semi-professionele beroepe teenoor slegs 11.7 persent in die geval van die universum wat 'n ondersoekgroepmeerderheid van 22.5 persent verteenwoordig. Meer as die helfte van die ondersoekgroep se vaders beklee professionele, semi-professionele en administratiewe beroepe terwyl bietjie meer as 'n kwart van die universum se vaders hierdie beroepe beklee.

Dit blyk dus dat die ondersoekgroep se vaders hoofsaaklik die hoëre sosio-ekonomiese beroepe, naamlik professionele, semi-professionele en administratiewe beroepe beklee. Dit is in 'n hoë mate in ooreenstemming met die bevindinge van ander ondersoekers (Barbe, 1956; Freehill, 1961; Hildreth, 1966; Terman, 1925).

5.1.2 VRAAG 6 : Wat wil jy eendag graag word?

Die verdeling van leerlinge volgens hulle eie beroepskeuse, in elf beroepsgroepe in-gedeel, word in tabel 5.2 weergegee.

TABEL 5.2  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE EIE BEROEPSKEUSE

Beroepsgroepe	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Professioneel of semi-professionele werkers	1314	77.8	32245	46.1
Administratiewe werkers	21	1.2	695	1.0
Klerklike werkers	66	3.9	11767	16.9
Verkoopswerkers	30	1.8	1208	1.7
Geskoolde ambagsmanne	23	1.3	9053	13.0
Opgeleide buitewerkers	110	6.5	7652	11.0
Boere, tuiniers, bosbouers, vissers	41	2.4	3669	5.2
Persoonlike en huishoudelike dienswerkers	1	0.1	159	0.2
Operateurs en halfgeskoolde werkers	1	0.1	423	0.6
Ongeskoolde werkers	0	0.0	100	0.1
Huisvroue	1	0.1	144	0.2
Weet nog nie	81	4.8	2793	4.0
TOTAAL	1689	100.0	69908	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	0		0	

By die interpretering van die gegewens van tabel 5.2, moet dit in gedagte gehou word dat dit baie onwaarskynlik is dat 'n st.6-leerling in alle opsigte 'n realistiese beroepskeuse kan maak. Desnieteenstaande is dit opvallend asook bemoedigend, dat 77.8 persent van die ondersoekgroep aspireer na professionele en semi-professionele beroepe, dit wil sê beroepe waarvoor hulle ooreenkomstig hulle vermoëns in staat behoort te wees. Hierteenoor kies 46.1 persent van die universum, dit wil sê 31.7 persent minder as die ondersoekgroep, professionele en semi-professionele beroepe.

Dit blyk dus dat die meerderheid intellektueel-superieure leerlinge aspireer na beroepe in ooreenstemming met hulle meerdere vermoëns en indien hulle hierdie beroepskeuses sou verwesenlik, verteenwoordig hierdie leerlinge nie 'n onnodige verlies aan potensiële hoëvlak-mannekrag nie. Dit sal egter van belang wees om te bepaal hoeveel van hierdie leerlinge nie hulle ideale verwesenlik nie weens faktore buite hulle beheer.

Interessant is die relatief hoë persentasie van die ondersoekgroep wat in die kategorie "opgeleide buitewerkers" val, dit wil sê beroepe soos loods, doeanebeampte, hyskraandrywer, ensovoorts verkies. Verteenwoordig hierdie beroepe miskien 'n besondere belangstelligingsrigting van 'n deel van die ondersoekgroep?

5.1.3 VRAAG 11 : Waar is jou skool geleë?

Die verdeling van leerlinge volgens area waar skool geleë is, word in tabel 5.3 weergegee.

TABEL 5.3  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS AREA WAAR SKOOL GELEË IS

Area	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Stad of stedelike gebied	1190	70.5	40235	57.9
Dorp	545	26.9	27542	39.6
Plaas	44	2.6	1751	2.5
TOTAAL	1688	100.0	69528	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	380	-



Volgens tabel 5.3 is daar in vergelyking met die universumverdeling 'n hoër persentasie van die ondersoekgroep in stedelike skole, 'n kleiner persentasie in dorpskole terwyl die verdeling vir die ondersoekgroep en die universum in die geval van plaasskole ongeveer dieselfde is.

#### 5.1.4 VRAAG 12 : Wat is jou geslag?

Die verdeling van leerlinge volgens geslag, verskyn in tabel 5.4 en hiervolgens is die verhouding van seuns tot dogters in beide die universum en ondersoekgroep dieselfde. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die verdeling van hoë intellektuele vermoë ewekansig is en nie een geslag bo 'n ander bevoordeel nie. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met dié van ander ondersoeke (Hildreth, 1966). Terman (1925) aan die ander kant beweer dat hoë intelligensie meer dikwels by seuns as by meisies voorkom.

TABEL 5.4  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESLAG

Geslag	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Seun	863	51.1	35645	51.1
Dogter	826	48.9	34092	48.9
TOTAAL	1689	100.0	69737	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	0	-	171	-

#### 5.1.5 VRAAG 14 : By wie woon jy gedurende skoolkwartale?

Die verdeling van leerlinge volgens hulle toesig gedurende skoolkwartale, word in tabel 5.5 weergegee. Hiervolgens woon 'n groter persentasie van die ondersoekgroep by hulle ouers terwyl 'n kleiner persentasie by familie of in koshuise bly of privaat loseer in vergelyking met wat op grond van die universumverdeling verwag sou word. Die persentasieverskilte is egter deurgaans kleiner as 5 persent en kan gevolglik as nie-betekenisvol beskou word.

TABEL 5.5  
DIE VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TOESIG GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
By ouers	1382	81.9	54280	78.2
By familie	14	0.8	1469	2.1
In 'n koshuis	284	16.8	13213	19.0
Loseer privaat	8	0.5	504	0.7
TOTAAL	1688	100.0	69466	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	442	-

#### 5.1.6 VRAAG 15 : Waar woon jy gedurende skoolkwartale?

Die verdeling van leerlinge volgens hulle woonarea gedurende skoolkwartale, word in tabel 5.6 weergegee en hiervolgens woon 'n groter persentasie van die ondersoekgroep in stedelike gebiede en 'n kleiner persentasie in landelike of plattelandse gebiede as wat op grond van die universumverdeling verwag sou word. Hierdie bevinding toon 'n ooreenkoms met dié van tabel 5.3 waar bevind is dat 70.5 persent van die ondersoekgroep in stedelike skole is.

TABEL 5.6

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS WOONAREA GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Woonarea	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Op 'n plaas	77	4.6	5131	7.4
Op 'n kleinhoewe naby 'n stad of dorp	61	3.6	4719	6.8
In 'n dorp	472	28.2	26486	38.3
In 'n stad of voorstad	1065	63.6	32900	47.5
TOTAAL	1675	100.0	69236	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	14	-	672	-

## 5.1.7 VRAAG 16 : Jou woonplek gedurende skoolkwartale?

Die verdeling van leerlinge volgens soort woning gedurende skoolkwartale, word in tabel 5.7 weergegee.

TABEL 5.7

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SOORT WONING GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Woonplek	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Huis	1269	75.2	52270	75.2
Woonstel	117	6.9	3355	4.8
Losieshuis of hotel	15	0.9	619	0.9
Koshuis	284	16.8	12654	18.2
Kinderhuis	3	0.2	580	0.9
TOTAAL	1688	100.0	69478	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	430	-

Volgens die gegewens van tabel 5.7 is die persentasie leerlinge wat in huise en losieshuise of hotelle bly, dieselfde vir beide die onderzoekgroep en die universum. In vergelyking met die universumverdeling, bly 'n groter persentasie van die onderzoekgroep in woonstelle en 'n kleiner persentasie in koshuise en kinderhuise. Die persentasiever=skille tussen die universum en die onderzoekgroep is in geen geval groter as 5 persent nie en kan dus nie as van praktiese betekenis beskou word nie.

## 5.1.8 VRAAG 17 : Hoeveel kinders (stief- en halfbroers en stief- en halfsusters ingesluit) is julle in die gesin?

Die verdeling van leerlinge volgens gesinsgrootte, word in tabel 5.8 weergegee. Volgens tabel 5.8 blyk dit dat die onderzoekgroep in 'n groter mate as die universum uit kleiner gesinne (vier en minder kinders) afkomstig is. Die grootste enkele persentasie van die onderzoekgroep, naamlik 31.8 persent, is afkomstig van gesinne met drie kinders terwyl die ooreenkomstige persentasie, in die geval van die universum, 23.8 persent is. Vier-en-tagtig punt vier persent van die onderzoekgroep is afkomstig van gesinne met vier en minder kinders terwyl dit in die geval van die universum 65.0 persent is. Slegs 3.0 persent van die onderzoekgroep is afkomstig van gesinne met sewe of meer kinders teenoor 13.7 persent in die geval van die universum.

Hierdie bevinding, naamlik dat die intellektueel-superieure leerling in 'n groter mate as die universum uit die kleiner gesin kom, is in ooreenstemming met die bevindinge van ander ondersoekers (Hollingworth, 1926; Terman, 1947).

TABEL 5.8

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESINSGROOTTE

Getal kinders	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Een	69	4.1	2679	3.9
Twee	447	26.5	11722	17.0
Drie	536	31.8	16505	23.8
Vier	371	22.0	14025	20.3
Vyf	143	8.5	9100	13.1
Ses	70	4.1	5701	8.2
Sewe	24	1.4	3580	5.2
Agt	16	0.9	2456	3.5
Nege of meer	12	0.7	3483	5.0
TOTAAL	1688	100.0	69251	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	657	-

5.1.9 VRAAG 18 : Die hoeveelste kind is jy in die gesin (stief- en halfbroers en stief- en halfsusters ingesluit)?

Die verdeling van leerlinge volgens rangorde in die gesin, word in tabel 5.9 weergegee.

TABEL 5.9

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS RANGORDE IN DIE GESIN

Rangorde in die gesin	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Eerste	641	38.0	20908	30.1
Tweede	550	32.6	19496	28.1
Derde	300	17.8	12734	18.4
Vierde	120	7.1	6948	10.0
Vyfde	53	3.1	3849	5.5
Sesde	15	0.9	2210	3.2
Sewende	5	0.3	1290	1.9
Agte	3	0.2	779	1.1
Negende of daarna	1	0.0	1145	1.7
TOTAAL	1688	100.0	69359	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	549	-

Volgens tabel 5.9 blyk dit dat die superieure leerling in hoofsaak die oudste of tweede oudste kind in die gesin is. Sewentig punt ses persent van die ondersoekgroep val in bogenoemde kategorie terwyl dit in die geval van die universum 58.2 persent is en wat 'n ondersoekgroepmeerderheid van 12.4 persent verteenwoordig. Bogenoemde verskynsel kan nie alleenlik op grond van gesinsgrootte verklaar word nie aangesien slegs 30.6 persent van die intellektueel-superieure leerlinge volgens tabel 5.8 uit gesinne met 1 of 2 kinders afkomstig is. Alhoewel die superieure kind, volgens tabel 5.9, in enige rangposisie in die gesin kan voorkom, is die voorkoms van superieure kinders vir rangposisies van drie en laer in die gesin deurgaans minder as wat op grond van die universumverdeling verwag sou word.

5.1.10 VRAAG 19 : Leef jou ouers nog?

Die getal leerlinge wat 'n vader of 'n moeder of albei ouers deur die dood verloor het, word in tabel 5.10 aangedui.

TABEL 5.10  
GETAL LEERLINGE VAN WIE DIE OUERS OORLEDE IS

Beskrywing	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Beide vader en moeder leef	1599	94.7	63286	91.1
Vader oorlede	68	4.0	4543	6.6
Moeder oorlede	17	1.0	1270	1.8
Albei oorlede	4	0.3	314	0.5
TOTAAL	1688	100.0	69413	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	495	-

Volgens tabel 5.10 het 94.7 persent van die onderzoekgroep tydens die 1965-toetsprogram nog albei hulle ouers gehad, terwyl 4.0 persent hulle vaders en 1.0 persent hulle moeders deur die dood verloor het. In die geval van 0.3 persent van die onderzoekgroep was albei ouers oorlede. Bogenoemde persentasies verskil nie veel van dié van die universum nie, maar is nogtans deurgaans gunstiger as dié van die universum. Barbe (1956) het in 'n ondersoek met 'n groep begaafde leerlinge bevind dat 87.5 persent deur hulle eie ouers grootgemaak is, 7.2 persent net deur die moeder, 2.0 persent deur 'n eie moeder en stiefvader en 1.5 persent deur 'n eie vader en stiefmoeder.

5.1.11 VRAAG 20 : Is of was jou ouers geskei of uitmekaar?

Volgens tabel 5.11 het egskeiding of verlating minder by die onderzoekgroep as by die universum voorgekom. Ses punt ses persent van die onderzoekgroep se ouers was geskei of uitmekaar teenoor 9.2 persent in die geval van die universum. Die persentasie egskeiding of verlating by die onderzoekgroep vergelyk gunstig met die resultate van ander ondersoekers. In 1922 toe Terman (1947) met sy ondersoek begin het, was 7.1 persent van sy ondersoekgroep se ouers geskei of uitmekaar en in 1940, dit wil sê 18 jaar later, het dit tot 13.9 persent gestyg. In die geval van Barbe (1956) se ondersoek is bevind dat 6.3 persent van die begaafde groep se ouers geskei of uitmekaar was.

TABEL 5.11  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS EGSKEIDING OF VERLATING VAN OUERS

Beskrywing	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Geskei of uitmekaar	111	6.6	6393	9.2
Nie geskei of uitmekaar nie	1577	93.4	62907	90.8
TOTAAL	1688	100.0	69300	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	608	-

5.1.12 VRAAG 21 : Hoe ver het jou vader/stiefvader/voog, wat vir jou verantwoordelik is, geleer?

Die verdeling van leerlinge, volgens die onderwyskwalifikasies van hulle vaders/stiefvaders/voogde, word in tabel 5.12 weergegee.

Die gegewens van tabel 5.12 kan nie as heeltemal verteenwoordigend beskou word nie vanweë die hoë persentasie leerlinge wat nie geweet het wat die kwalifikasies van hulle vaders is nie. Dit is opvallend dat 9.0 persent meer van die universum in vergelyking met die onderzoekgroep nie weet wat hulle vaders se kwalifikasies is nie. Hierdie meerderheid kan die gevolg wees van die feit dat die leerlinge werklik nie hulle vaders se kwalifikasies geweet het nie of die leerlinge was miskien skaam om kwalifikasies wat baie laag is, te verstrek en antwoord dan dat hulle nie weet nie.

TABEL 5.12

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN HULLE VADERS/STIEFVADERS/VOOGDE

Kwalifikasies	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
St. 6 of laer	74	4.4	11702	16.9
St. 7	29	1.7	3291	4.8
St. 8	106	6.3	9253	13.4
St. 9	28	1.7	1701	2.5
St. 10	304	18.1	9321	13.5
Verder as st. 10 (uitgesonderd universiteitsopleiding)	203	12.1	3518	5.1
Universiteitsgraad	471	28.1	4942	7.2
Ek weet nie	462	27.6	25295	36.6
TOTAAL	1677	100.0	69023	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	12	-	885	-

Volgens die gegewens wat wel verstrekkend is, is dit duidelik dat die ondersoekgroep se vaders oor hoër onderwyskwalifikasies in vergelyking met die universum beskik. Ag-en-vyftig punt drie persent van die ondersoekgroep se vaders het 'n st.10- en hoër kwalifikasie, terwyl dit in die geval van die universum slegs 25.8 persent is. Ag-en-twintig punt een persent van die ondersoekgroep se vaders teenoor 7.2 persent van die universum se vaders, het 'n universiteitsgraad, dit wil sê in vergelyking met die universum het byna vier keer meer van die ondersoekgroep se vaders 'n graad.

Die feit dat 12.4 persent van die ondersoekgroep se vaders slegs oor 'n st. 8- of laer kwalifikasie beskik, is 'n bewys dat die intellektueel-superieure op alle vlakke van die samelewing gevind word en nie uitsluitlik 'n verskynsel van die hoër sosio-ekonomiese strata is nie. Dit word ook gestaaf deur die gegewens van tabel 5.1 waarvolgens 4.4 persent van die ondersoekgroep se vaders operateurs of halfgeskoolde of ongeskoolde werkers is. Dit is moontlik op hierdie vlak waar 'n verlies aan mannekrag plaasvind, aangesien dit te betwyfel is of hierdie vaders dit kan bekostig om 'n hoër opleiding aan hulle kinders te voorsien.

## 5.1.13 VRAAG 22 : Hoe ver het jou moeder/stiefmoeder/voog, wat vir jou verantwoordelik is, geleer?

Die verdeling van leerlinge volgens die onderwyskwalifikasies van hulle moeders/stiefmoeders/voogdesse, word in tabel 5.13 weergegee.

TABEL 5.13

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN HULLE MOEDERS/STIEFMOEDERS/VOOGDESSE

Kwalifikasie	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
St. 6 of laer	76	4.5	11859	17.2
St. 7	38	2.3	4130	6.0
St. 8	212	12.6	12526	18.1
St. 9	45	2.7	1867	2.7
St. 10	358	21.3	9590	13.9
Verder as st. 10 (uitgesonderd universiteitsopleiding)	280	16.7	3864	5.6
Universiteitsgraad	253	15.1	2352	3.4
Ek weet nie	417	24.8	22819	33.1
TOTAAL	1679	100.0	69007	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	10	-	901	-

Die gegewens van tabel 5.13 verteenwoordig dieselfde tendens as dié van tabel 5.12, dit wil sê in vergelyking met die universum beskik die ondersoekgroep se moeders oor hoër onderwyskwalifikasies. Drie-en-vyftig punt een persent van die ondersoekgroep teenoor 22.9 persent van die universum se moeders het 'n st.10- of hoër kwalifikasie.

Vyftien punt een persent van die ondersoekgroep se moeders teenoor 3.4 persent van die universum se moeders het 'n universiteitsgraad, dit wil sê in vergelyking met die universumverdeling het 11.7 persent meer van die ondersoekgroep se moeders 'n graad.

Net soos in die geval van die vaders, is daar ook moeders van die ondersoekgroep wat slegs 'n st.8- of laer kwalifikasie het. Neëntien punt vier persent van die ondersoekgroep se moeders het bogenoemde kwalifikasie. In die geval van die universum is dit 41.3 persent, dit wil sê 21.9 persent meer in vergelyking met die ondersoekgroep.

Opvallend van tabel 5.13 is dat die persentasie leerlinge in die "ek weet nie"-kategorie vir beide die ondersoekgroep en universum laer is as in die geval van tabel 5.12, terwyl die getal leerlinge van wie gegewens nie beskikbaar is nie, vir die twee tabelle ongeveer dieselfde is sodat die persentasie vir die "ek weet nie"-kategorie vir die twee tabelle min of meer vergelykbaar is. Die kleiner persentasie leerlinge wat nie die kwalifikasies van hulle moeders ken nie, dui moontlik op 'n intiemer moeder-kindverhouding in vergelyking met 'n vader-kindverhouding.

#### 5.1.14 VRAAG 23 : Werk jou moeder/stiefmoeder/voogdes, wat vir jou verantwoordelik is?

Die verdeling van leerlinge volgens die feit of die moeder werk of nie werk nie, word in tabel 5.14 weergegee.

TABEL 5.14

#### VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF DIE MOEDER WERK OF NIE WERK NIE

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Moeders werk	634	37.7	23320	33.7
Moeders werk nie	1049	62.3	45897	66.3
TOTAAL	1683	100.0	69217	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	6	-	691	-

'n Opvallende verskynsel van tabel 5.14 is dat 4 persent meer van die ondersoekgroep se moeders in vergelyking met die universum se moeders, buitenshuis werk. Hierdie verskynsel word des te meer opvallend indien dit in aanmerking geneem word dat die meerderheid van die ondersoekgroep se vaders die hoër sosio-ekonomiese beroepe beklee (kyk tabel 5.1) sodat die moeder nie verplig behoort te wees om weens ekonomiese redes te werk nie.

#### 5.1.15 VRAAG 24 : Dui aan hoeveel van jou broers en/of susters (stief- en halfbroers en stief- en halfsusters ingesluit) 'n universiteitskursus gevolg het of tans volg:

Volgens tabel 5.15 het 17.4 persent van die ondersoekgroep broers en/of susters wat 'n universiteitskursus volg of gevolg het teenoor 10.4 persent in die geval van die universum. Die persentasieverskil van 7.0 persent kan as betekenisvol beskou word. Die gegewens van tabel 5.15 word des te meer opvallend indien in aanmerking geneem word dat die intellektueel-superieure leerling in 'n groter mate as die universum uit die kleiner gesin kom (kyk tabel 5.8). Die verwagting sou dus wees dat hulle in vergelyking met die universum minder broers en/of susters sou hê wat 'n universiteitskursus volg of gevolg het terwyl die teenoorgestelde bevind is.

TABEL 5.15

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL BROERS EN/OF SUSTERS WAT OP UNIVERSITEIT WAS OF IS

Getal	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Geen	1394	82.6	61995	89.6
Een	211	12.6	5338	7.7
Twee	70	4.1	1325	1.9
Drie	9	0.5	311	0.5
Vier en meer	3	0.2	196	0.3
TOTAAL	1687	100.0	69165	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	2	-	743	-

## 5.1.16 VRAAG 25 : Wat is jou houding ten opsigte van godsdiens?

Volgens tabel 5.16 het 69,2 persent van die ondersoekgroep en 77,0 persent van die universum 'n positiewe houding teenoor godsdiens. Dit wil sê in vergelyking met die universum openbaar 7,8 persent minder van die ondersoekgroep 'n positiewe houding teenoor godsdiens en hierdie verskil kan as betekenisvol beskou word.

TABEL 5.16

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEN OPSIGTE VAN GODSDIENS

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Godsdiens het vir my geen waarde	35	2.1	1050	1.5
Ek weet nie	484	28.7	14884	21.5
Godsdiens het vir my baie waarde	1169	69.2	53436	77.0
TOTAAL	1688	100.0	69370	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	538	-

Indien in aanmerking geneem word dat die intellektueel-superieure leerlinge die moontlike toekomstige leiers van die gemeenskap verteenwoordig, kan die verskynsel wat deur tabel 5.16 verteenwoordig word, as ietwat onrusbarend beskou word. Indien bogenoemde verskynsel reeds op st.6-vlak by die superieure leerling aanwesig is, kan die vraag tereg gestel word in watter mate die tendens versterk word namate hierdie leerlinge ouer word en verder weg beweeg van die beskermende en beïnvloedbare omgewing van huis en skool.

## 5.1.17 VRAAG 26 : Hoe oud was jy toe jy vir die eerste keer skool toe gegaan het? (Kleuterskool uitgesluit.)

Volgens tabel 5.17 is 64,3 persent van die ondersoekgroep op vyfjarige ouderdom of jonger skool toe terwyl dit in die geval van die universum 36,9 persent is. Op sesjarige ouderdom is 33,8 persent en 52,0 persent van die ondersoekgroep en die universum onderskeidelik vir die eerste keer skool toe. Slegs 1,9 persent van die ondersoekgroep is op die ouderdom van sewe jaar of ouer skool toe in vergelyking met 11,1 persent in die geval van die universum. Dit is te verwag dat die superieure leerling op grond van sy meerdere intellektuele vermoë op 'n vroeër ouderdom skoolgereed sal wees.

TABEL 5.17

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE OUDERDOM WAAROP HULLE VIR DIE EERSTE KEER SKOOL TOE IS

Ouderdom in jare	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
5 jaar of jonger	1085	64.3	25588	36.9
6 jaar	570	33.8	36124	52.0
7 jaar	32	1.9	7185	10.4
8 jaar	1	0.0	420	0.6
9 jaar of ouer	0	0.0	80	0.1
TOTAAL	1688	100.0	69397	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	511	-

5.1.18 VRAAG 27 : Was jy ooit in 'n kleuterskool? (Crèche of bewaarskool uitgesluit.)

Volgens tabel 5.18 blyk dit dat 17.5 persent meer van die ondersoekgroep in vergelyking met die universumverdeling in kleuterskole was.

TABEL 5.18

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE BYWONING VAN KLEUTERSKOLE

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Was in kleuterskool	605	35.9	12748	18.4
Was nie in kleuterskool nie	1080	64.1	56569	81.6
TOTAAL	1685	100.0	69317	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	4	-	591	-

5.1.19 VRAAG 28 : In hoeveel verskillende skole het jy tot dusver skoolgegaan? (Jou huidige skool ingesluit.)

Volgens die gegewens van tabel 5.19 is die persentasieverskille tussen die ondersoekgroep en die universum in geen geval groter as 5 persent nie en die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar nie 'n betekenisvolle verskil tussen die ondersoekgroep en die universum is ten opsigte van die aantal skole wat bygewoon is nie.

TABEL 5.19

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL SKOLE WAT BYGEWOON IS

Getal skole	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Een skool	91	5.4	5285	7.6
Twee skole	658	39.0	24661	35.6
Drie skole	489	29.0	19107	27.6
Vier skole	238	14.1	10167	14.7
Vyf of meer skole	211	12.5	10062	14.5
TOTAAL	1687	100.0	69282	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	2	-	626	-

5.1.20 VRAAG 29 : Het jy al ooit 'n standaard oorgeslaan, dit wil sê twee standerds in een jaar voltooi? Indien ja, watter standaard?

Volgens tabel 5.20 het 7.1 persent van die ondersoekgroep en 4.7 persent van die universum al standerds oorgeslaan. Die persentasieverskille is in geen geval groter as 5 persent nie sodat ook in hierdie geval daar nie 'n betekenisvolle verskil tussen die ondersoekgroep en die universum is nie.



TABEL 5.20

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL STANDERDS WAT OORGESLAAN IS

Standerd	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Nog nooit 'n standerd oorgeslaan nie	1567	92.9	65987	95.3
Substanderd A of graad 1	39	2.3	746	1.1
Substanderd B of graad 2	32	1.9	368	0.5
St. 1	8	0.5	238	0.3
St. 2	18	1.1	261	0.4
St. 3	6	0.3	195	0.3
St. 4	11	0.6	396	0.6
St. 5	6	0.4	1027	1.5
TOTAAL	1687	100.0	69218	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	2	-	690	-

5.1.21 VRAAG 30 : Hoeveel keer het jy al op skool gedruip? (Grade 1 en 2 of substanderds A en B ingesluit.)

Volgens tabel 5.21 het slegs 0.8 persent van die ondersoekgroep al op skool gedruip teenoor 29.3 persent in die geval van die universum. Die geringe voorkoms van druipling by die ondersoekgroep in vergelyking met die universum, lewer bewys van die superieure leerling se meerdere vermoë om kennis te assimileer, te verwerk en sinvol weer te gee.

TABEL 5.21

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL KERE GEDRUIP

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Nog nooit gedruip nie	1674	99.2	49038	70.7
Een keer	12	0.7	14428	20.8
Twee keer	2	0.1	4896	7.1
Drie keer	0	0.0	864	1.2
Vier of meer keer	0	0.0	160	0.2
TOTAAL	1688	100.0	69386	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	522	-

5.1.22 VRAAG 31 : Het jy enige standerd voor st. 3 gedruip?

Tabel 5.22 weerspieël net soos die vorige tabel, die geringe voorkoms van druipling by die ondersoekgroep in vergelyking met die universum. Die feit dat 1.3 persent van die ondersoekgroep voor st. 3 gedruip het, is 'n aanduiding dat nietaenstaande hulle besondere intellektuele vermoë, daar selfs in die geval van hierdie leerlinge faktore kan wees wat hulle skoolvordering nadelig mag beïnvloed.

TABEL 5.22

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS VOORKOMS VAN DRUIPING TOT EN MET ST. 3

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Het gedruip	22	1.3	9635	13.9
Het nie gedruip nie	1666	98.7	59755	86.1
TOTAAL	1688	100.0	69390	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	518	-

5.1.23 VRAAG 32 : Het jy st. 3 of enige standaard daarna tot en met st. 6 gedruip?

Die gegewens van tabel 5.23 weerspieël 'n verskynsel soortgelyk aan dié van tabel 5.22, dit wil sê dat druipling minder by die ondersoekgroep as by die universum voorkom. Indien die persentasie druipling van tabel 5.23 met die van tabel 5.22 vergelyk word, wil dit voorkom asof druipling by die ondersoekgroep verminder namate die groep op skool verder, terwyl in die geval van die universum, die getal druiplinge vermeerder.

TABEL 5.23

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS VOORKOMS VAN DRUIPLING VAN ST.3 TOT EN MET ST.6

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Het gedruip	12	0.7	14518	20.9
Het nie gedruip nie	1675	99.3	54835	79.1
TOTAAL	1687	100.0	69353	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	2	-	555	-

5.1.24 VRAAG 33 : Merk die een stelling wat op jou van toepassing is:

Volgens tabel 5.24 blyk dit dat die ondersoekgroep in vergelyking met die universum 'n meer positiewe houding ten opsigte van skoolgaan openbaar. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met dié van Abraham (1957). Afgesien van bogenoemde, is die feit dat 46.1 persent van die ondersoekgroep nie te veel of niks van skoolgaan hou nie, 'n verskynsel wat kommer behoort te wek.

TABEL 5.24

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEN OPSIGTE VAN SKOOLGAAN

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Hou baie van skoolgaan	909	53.9	28829	41.6
Hou nie te veel van skoolgaan nie	743	44.0	36873	53.1
Hou niks van skoolgaan nie	36	2.1	3669	5.3
TOTAAL	1688	100.0	69371	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	537	-

5.1.25 VRAAG 34 : Hoe ver sal jy graag wil leer?

Die verdeling van leerlinge volgens hulle onderwysaspirasies, word in tabel 5.25 weergegee.

TABEL 5.25

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE ONDERWYASPIRASIES

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Ek gee nie juis om hoe ver ek leer nie	12	0.7	1604	2.3
Totdat ek sestien jaar oud is en die skool kan verlaat	4	0.2	2251	3.3
Tot st. 7	0	0.0	579	0.8
Tot st. 8	2	0.1	10038	14.5
Tot st. 9	1	0.1	408	0.6
Tot st. 10	110	6.5	21519	31.1
Verder as st. 10 (uitgesonderd 'n universiteitsgraad)	218	13.0	10984	15.9
Totdat ek 'n universiteitsgraad behaal het	1337	79.4	21752	31.5
TOTAAL	1684	100.0	69130	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	5	-	778	-

Die 79.4 persent van die ondersoekgroep, volgens tabel 5.25, wat 'n universiteitsgraad wil behaal, vergelyk goed met die resultate van tabel 5.2 waar 77.8 persent van die ondersoekgroep aandui dat hulle na professionele of semi-professionele beroepe aspireer. Volgens tabel 5.25, blyk dit dat die ondersoekgroep hoër aspireer in vergelyking met die universum. Nege-en-sewentig punt vier persent van die ondersoekgroep wil 'n universiteitsgraad behaal teenoor slegs 31.5 persent van die universum. Ag-en-negentig punt nege persent van die ondersoekgroep wil 'n st.10- of hoër kwalifikasie behaal terwyl die ooreenstemmende persentasie in die geval van die universum 78.5 persent of 20.4 persent minder as die ondersoekgroep is.

5.1.26 VRAAG 35 : Hoe ver wil jou ouers hê moet jy leer?

TABEL 5.26

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE ONDERWYSPASIRASIES WAT HULLE OUERS VIR HULLE HET

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Hulle gee nie juis om nie	8	0.5	1478	2.1
Totdat ek 16 jaar oud is en die skool kan verlaat	2	0.1	1380	2.0
Tot st. 7	2	0.1	478	0.7
Tot st. 8	3	0.2	6709	9.7
Tot st. 9	1	0.1	232	0.3
Tot st. 10	99	5.9	21008	30.4
Verder as st. 10 (uitgesonderd 'n universiteitsgraad)	146	8.6	7599	11.0
Totdat 'n universiteitsgraad behaal is	1007	59.7	17992	26.0
Ouers verkies dat ek self moet besluit	418	24.8	12274	17.8
<b>TOTAAL</b>	<b>1686</b>	<b>100.0</b>	<b>69150</b>	<b>100.0</b>
Gegewens nie beskikbaar nie	3	-	758	-

Volgens tabel 5.26, blyk dit dat die ouers van die ondersoekgroep hoër eise aan hulle kinders stel ten opsigte van onderwyskwalifikasies as wat met die universum die geval is. So byvoorbeeld verlang 59.7 persent van die ondersoekgroep se ouers dat hulle kind 'n graad moet behaal terwyl 26.0 persent van die universum se ouers dit verlang. Aan die anderkant, is daar by die ondersoekgroep ook 'n groter mate van vrye keuse. Vier-en-twintig punt agt persent van die ondersoekgroep se ouers laat hulle kinders toe om self te besluit hoe ver hulle wil studeer in vergelyking met 17.8 persent in die geval van die universum.

5.1.27 VRAAG 36 : Sal jou ouers dit kan bekostig om jou tot st. 10 te laat leer?

Volgens tabel 5.27, kan 91.3 persent van die ondersoekgroep en 70.2 persent van die universum se ouers bekostig om hulle kinders tot st. 10 te laat leer, wat 'n ondersoekgroep-meerderheid van 21.1 persent verteenwoordig. Die groter persentasie in die geval van die ondersoekgroep, is te verwag op grond van hierdie ouers se beter sosio-ekonomiese posisie (kyk tabel 5.1).

TABEL 5.27

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL OUERS WAT HULLE KIND TOT ST.10 KAN LAAT LEER

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Kan dit bekostig	1541	91.3	48492	70.2
Kan dit nie bekostig nie	10	0.6	3987	5.8
Weet nie	136	8.1	16568	24.0
<b>TOTAAL</b>	<b>1687</b>	<b>100.0</b>	<b>69047</b>	<b>100.0</b>
Gegewens nie beskikbaar nie	2	-	861	-

5.1.28 VRAAG 37 : Sal jou ouers dit kan bekostig om jou universiteit toe te stuur?

Volgens tabel 5.28 blyk dit dat 57.5 persent van die ondersoekgroep en 37.5 persent van die universum se ouers dit kan bekostig om hulle kinders universiteit toe te stuur.

TABEL 5.28

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL OUIERS WAT DIT KAN BEKOSTIG OM HULLE KIND UNI-  
VERSITEIT TOE TE STUUR

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Kan dit bekostig	968	57.5	25806	37.5
Kan dit nie bekostig nie	69	4.1	11956	17.3
Weet nie	646	38.4	31122	45.2
TOTAAL	1683	100.0	68884	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	6	-	1024	-

Alhoewel meer as die helfte van die onderoekgroep se ouers universiteitsopleiding vir hulle kinders kan bekostig, is die 42.5 persent oftewel 715 leerlinge wat moontlik nie hulle ideale kan verwesenlik nie, weens gebrek aan geld vir universiteitsopleiding, 'n te groot verlies vir 'n jong en vooruitstrewende land wat die besondere potensiaal wat deur hierdie leerlinge verteenwoordig word, dringend benodig. Dit moet egter in gedagte gehou word dat st.6-leerlinge seker nie baie bevoeg is om oor die finansiële vermoëns van hulle ouers te oordeel nie.

#### 5.1.29 VRAAG 38 : Wat dink jy van huiswerk?

Die leerlinge se houding ten opsigte van huiswerk word in tabel 5.29 weergegee.

TABEL 5.29

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUISWERK

Beskrywing	Onderoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Huiswerk het nie veel waarde nie	169	10.0	4097	5.9
Ek doen my huiswerk anders word ek gestraf	293	17.4	12409	17.9
Huiswerk is baie belangrik want jy leer daardeur om op jou eie te werk	1225	72.6	52873	76.2
TOTAAL	1687	100.0	69379	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	2	-	529	-

Volgens tabel 5.29 skyn dit dat die onderoekgroep 'n minder positiewe houding ten opsigte van huiswerk in vergelyking met die universum openbaar. Die persentasieverskille is in geen geval meer as 5 persent nie en word gevolglik as nie-betekenisvol beskou.

#### 5.1.30 VRAAG 39 : Is daar iemand tuis wat jou kan help indien jy moeilikheid met jou huiswerk ondervind?

Volgens tabel 5.30 het 7.0 persent meer van die onderoekgroep in vergelyking met die universum iemand tuis wat hulle met hulle huiswerk kan help. Dit blyk dus dat die onderoekgroep se ouers moontlik meer belangstel in hulle kinders se skoolwerk en hulp verleen waar nodig.

TABEL 5.30

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULP WAT HULLE BY DIE HUIS MET HUISWERK ONTVANG

Beskrywing	Onderoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Het iemand tuis wat kan help	1553	92.6	59320	85.6
Het nie iemand tuis wat kan help nie	125	7.4	9998	14.4
TOTAAL	1678	100.0	69318	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	11	-	590	-

5.1.31 VRAAG 40 : Kry jy genoeg tyd tuis om jou skoolwerk so goed as moontlik te doen?

Volgens tabel 5.31 sê 2.2 persent meer van die ondersoekgroep, in vergelyking met die universum, dat hulle genoeg tyd kry om hulle skoolwerk so goed as moontlik te doen. Aan gesien die persentasieverskille kleiner as 5 persent is, kan dit nie as van praktiese betekenis beskou word nie.

TABEL 5.31

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD OM SKOOLWERK TE DOEN

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Kry genoeg tyd	1592	94.9	64264	92.7
Kry nie genoeg tyd nie	86	5.1	5092	7.3
TOTAAL	1678	100.0	69356	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	14	-	552	-

5.1.32 VRAAG 41 : Wat lees jy die meeste?

Volgens tabel 5.32, hou 1.1 persent van die ondersoekgroep nie van lees nie teenoor 6.0 persent in die geval van die universum, dit wil sê 4.9 persent meer van die universum hou nie van lees nie. Die leesvoorkeur van die toetsgroep is in die volgorde: Biblioteekboeke (80.9%), tydskrifte (8.3%), strokiesverhale (6.9%) en koerante (2.8%). In die geval van die universum is die volgorde : Biblioteekboeke (60.4%), strokiesverhale (13.9%), tydskrifte (13.3%) en koerante (6.4%). Biblioteekboeke word die meeste deur beide die ondersoekgroep en die universum gelees met 'n ondersoekgroepmeerderheid van 20.5 persent. 'n Kleiner persentasie van die ondersoekgroep in vergelyking met die universum, lees tydskrifte, strokiesverhale en koerante en in die geval van strokiesverhale en tydskrifte is die verskil betekenisvol.

TABEL 5.32

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS LEESGEWOONTES

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Hou nie van lees nie	19	1.1	4134	6.0
Biblioteekboeke	1363	80.9	41973	60.4
Tydskrifte	140	8.3	9228	13.3
Strokiesverhale	116	6.9	9670	13.9
Koerante	47	2.8	4462	6.4
TOTAAL	1685	100.0	69467	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	4	-	441	-

5.1.33 VRAAG 42 : Aan hoeveel van die volgende aktiwiteite wat deur jou skool georganiseer word, het jy vanjaar deelgeneem? Rugby, sokker, atletiek, tennis, krieket, swem, stoei, boks, judo, jukskei, bofbal, korfbal, sagtebal, netbal, hokkie, gimnastiek, skaak, Voortrekkers, Boy Scouts, Girl Guides, debatsverenigings, toneelverenigings, orkes:

Volgens tabel 5.33, blyk dit dat die ondersoekgroep aan meer buitemuurse aktiwiteite as die universum deelneem. Ses-en-sewentig punt vier persent van die ondersoekgroep neem aan vier of minder of geen aktiwiteite deel nie teenoor 88.3 persent in die geval van die universum, wat 'n universummeerderheid van 11.9 persent verteenwoordig. Daarteenoor neem 11.7 persent van die ondersoekgroep aan ses of meer aktiwiteite deel teenoor 5.5 persent in die geval van die universum en dit verteenwoordig 'n ondersoekgroepmeerderheid van 6.2 persent. Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep, naamlik 21.0 persent, neem aan drie aktiwiteite deel, terwyl die grootste enkele persentasie van die universum, naamlik 22.5 persent, aan een aktiwiteit deelneem.

TABEL 5.33

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL AKTIWITEITE WAARAAN HULLE DEELNEEM

Getal aktiwiteite	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Geen	134	7.9	13081	18.8
Een	217	12.8	15590	22.5
Twee	308	18.3	14581	21.0
Drie	354	21.0	10711	15.4
Vier	276	16.4	7334	10.6
Vyf	200	11.9	4308	6.2
Ses	115	6.8	2133	3.1
Sewe	52	3.1	929	1.4
Agt	21	1.2	365	0.5
Nege of meer	10	0.6	368	0.5
TOTAAL	1687	100.0	69400	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	2	-	508	-

## 5.1.34 VRAAG 43 : Naastenby hoeveel uur per week bestee jy aan buitemuurse aktiwiteite?

Volgens tabel 5.34 blyk dit dat die ondersoekgroep meer ure aan buitemuurse aktiwiteite, in vergelyking met die universum, bestee en dit sluit aan by die gegewens van tabel 5.33 waarvolgens die ondersoekgroep aan meer buitemuurse aktiwiteite deelneem. Nege punt een persent van die ondersoekgroep en 23.1 persent van die universum neem glad nie aan buitemuurse aktiwiteite deel nie, dit wil sê 14.0 persent meer van die universum neem nie aan buitemuurse aktiwiteite deel nie. Een-en-sewentig punt nege persent van die ondersoekgroep teenoor 64.7 persent van die universum bestee 9 of minder uur per week aan buitemuurse aktiwiteite. Daarteenoor bestee 19.0 persent van die ondersoekgroep en 12.2 persent van die universum 10 of meer uur per week aan buitemuurse aktiwiteite, wat n ondersoekgroepmeerderheid van 6.8 persent verteenwoordig.

TABEL 5.34

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD AAN BUITEMUURSE AKTIWITEITE BESTEE

Getal ure per week	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Neem nie aan buitemuurse aktiwiteite deel nie	154	9.1	16017	23.1
4 uur of minder per week	561	33.3	27718	40.0
5 tot 9 uur per week	650	38.6	17067	24.7
10 tot 14 uur per week	205	12.2	5539	8.0
15 tot 19 uur per week	70	4.2	1798	2.6
20 uur of meer per week	44	2.6	1107	1.6
TOTAAL	1684	100.0	69246	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	5	-	662	-

## 5.1.35 VRAAG 44 : Ontvang jy enige naskoolse lesse wat nie met jou skoolwerk in verband staan nie, byvoorbeeld musiek, ballet, ensovoorts?

Volgens tabel 5.35 ontvang 19.0 persent meer van die ondersoekgroep, in vergelyking met die universum, naskoolse lesse. Die ondersoekgroepmeerderheid is moontlik die gevolg van hierdie leerlinge se beter intellektuele vermoëns en breëre belangstelling gepaard met die beter finansiële posisie van die ouers wat hulle in staat stel om vir hulle kinders se naskoolse lesse te betaal. n Ander moontlikheid vir die ondersoekgroepmeerderheid is dat naskoolse lesse vir die intellektueel-superieure leerling makliker beskikbaar is vanweë die feit dat meer van hulle skole bywoon wat in stede en stedelike gebiede geleë is in vergelyking met die universum (kyk tabel 5.3).

TABEL 5.35

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DEELNAME AAN NASKOOLSE LESSE

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Ontvang naskoolse lesse	732	43.3	16930	24.4
Ontvang nie naskoolse lesse nie	955	56.6	52384	75.6
TOTAAL	1687	100.0	69314	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	2	-	594	-

5.1.36 VRAE 45 TOT 54 : Hierdie vrae het betrekking op die leerlinge se deelname aan verskillende stokperdjies en hierdie gegewens word in tabel 5.36 saamgevat.

TABEL 5.36

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE STOKPERDJIES WAT HULLE BEOEFEN

Beskrywing van stokperdjies	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Versameling van artikels, byvoorbeeld seëls	1232	73.0	44961	64.8
Bou van modelle, byvoorbeeld skepe, vliegtuie	736	43.6	24909	35.9
Aanhou van troeteldiere	1400	83.1	57751	83.2
Handwerk, byvoorbeeld houtwerk, metaalwerk	1061	62.9	49728	71.6
Fotografie	402	23.8	11755	16.9
Kuns, byvoorbeeld skilder, beeldhouwerk	493	29.2	19638	28.3
Lees	1614	95.7	56626	81.5
Korrespondensie met penvriende	550	32.6	20986	30.2
Tuinmaak en kweek van plante	531	31.5	31425	45.3
Met gereedskap werk	933	55.3	42044	60.6

Indien die ondersoekgroep en die universum ten opsigte van tabel 5.36 met mekaar vergelyk word, blyk die volgende:

- (a) Agt punt twee persent meer van die ondersoekgroep versamel artikels. Hierdie bevinding toon 'n ooreenstemming met dié van Terman (1925).
- (b) Sewe punt sewe persent meer van die ondersoekgroep bou modelle.
- (c) In die geval van die aanhou van troeteldiere is daar nie 'n betekenisvolle verskil nie.
- (d) Agt punt sewe persent minder van die ondersoekgroep doen handwerk.
- (e) Ses punt nege persent meer van die ondersoekgroep beoefen fotografie.
- (f) In die geval van kuns is daar nie 'n betekenisvolle verskil nie.
- (g) Veertien punt twee persent meer van die ondersoekgroep lees.
- (h) In die geval van korrespondensie is daar nie 'n betekenisvolle verskil nie.
- (i) Dertien punt agt persent minder van die ondersoekgroep maak tuin en kweek plante.
- (j) Vyf punt drie persent minder van die ondersoekgroep werk met gereedskap.

Volgens tabel 5.36 is die vyf gewildste stokperdjies van die ondersoekgroep in volgorde van gewildheid soos volg: Lees, aanhou van troeteldiere, versameling van artikels, handwerk en met gereedskap werk. In die geval van die universum is die volgorde van gewildheid soos volg: Aanhou van troeteldiere, lees, handwerk, versameling van artikels en met gereedskap werk.

5.1.37 VRAAG 55 : Het jy enige ander stokperdjie wat nie hierbo genoem is nie?

Volgens tabel 5.37 is daar geen betekenisvolle verskil tussen die ondersoekgroep en die universum nie. Ongeveer dieselfde persentasie by albei groepe het geantwoord dat hulle nog ander stokperdjies het.

TABEL 5.37

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE BEOEFENING VAN ADDISIONELE STOKPERDJIES

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Het nog ander stokperdjies	950	56.3	38926	56.2
Het nie ander stokperdjies nie	737	43.7	30376	43.8
TOTAAL	1687	100.0	69302	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	2	-	606	-

## 5.1.38 VRAAG 56 : Hoeveel stokperdjies het jy?

Volgens tabel 5.38 blyk dit dat die ondersoekgroep meer stokperdjies as die universum het en dit kan 'n aanduiding van die ondersoekgroep se veelsydige belangstelling wees. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met dié van Abraham (1957). Abraham het bevind dat die "begaafdes" in sy ondersoek meer stokperdjies en buiteskoolse belangstellings as die kontrolegroep het.

TABEL 5.38

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL STOKPERDJIES WAT HULLE BEOEFEN

Getal	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Geen	55	3.2	6081	8.8
Een	232	13.8	15537	22.4
Twee	450	26.7	19641	28.3
Drie	365	21.7	13354	19.3
Vier of meer	583	34.6	14710	21.2
TOTAAL	1685	100.0	69323	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	4	-	585	-

5.1.39 VRAAG 57 : Merk die een aktiwiteit waarvan jy die meeste hou:

Volgens tabel 5.39 is die vier gewildste aktiwiteite by die ondersoekgroep in volgorde van gewildheid die volgende: Sport, lees, stokperdjies en die bespeeling van 'n musiekinstrument. In die geval van die universum is die volgorde soos volg: Sport, stokperdjies, lees en laastens na plate en/of radio te luister.

TABEL 5.39

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE AKTIWITEITE WAARVAN HULLE DIE MEESTE HOU

Aktiwiteit	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Om aan sport deel te <del>neem</del>	509	30.2	20327	29.3
Om na plate en/of radio te luister.	102	6.1	9992	14.4
Om self 'n musiekinstrument te bespeel	129	7.7	5407	7.8
Om bioskoop toe te gaan	80	4.7	5315	7.6
Om boeke te lees	489	29.0	10734	15.5
Om by vriende te kuier	66	3.9	2833	4.1
Om met jou stokperdjie besig te wees	311	18.4	14805	21.3
TOTAAL	1686	100.0	69413	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	3	-	495	-

Die grootste verskil in voorkeur tussen die twee groepe kom voor in die geval van lees en na plate en/of radio te luister. Nege-en-twintig punt nul persent van die ondersoekgroep hou die meeste van lees teenoor 15.5 persent in die geval van die universum.



Daarteenoor is na plate en/of radio luister die eerste keuse by 6.1 persent van die ondersoekgroep in vergelyking met 14.4 persent in die geval van die universum.

- 5.1.40 VRAAG 58 : Merk die stelling wat op jou van toepassing is:  
Ek hou niks van sport nie/Ek is nie seker of ek van sport hou nie/Ek hou baie van sport

Volgens tabel 5.40 is daar geen betekenisvolle verskil in houding ten opsigte van sport tussen die ondersoekgroep en die universum nie. Die meerderheid van beide groepe (meer as 70%) hou baie van sport en dit weerlê 'n taamlik algemene populêre mening, naamlik dat die intellektueel-superieure 'n boekwurm is wat geen of min belangstelling in sport toon. Die resultate van bogenoemde tabel toon ook 'n ooreenkoms met dié van tabel 5.39 waar ongeveer dieselfde persentasie van beide die ondersoekgroep en die universum aandui dat sport hul gewildste aktiwiteit is.

Dit mag egter wees dat leerlinge se belangstelling in sport afneem namate hulle ouer word en ander belangstellings die plek van sport inneem. Of dit wel die geval is, sal met Talentopname se opvolgstudies bepaal kan word.

TABEL 5.40

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEN OPSIGTE VAN SPORT

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Hou niks van sport nie	79	4.7	3701	5.3
Nie seker of ek van sport hou nie	377	22.3	16401	23.7
Hou baie van sport	1232	73.0	49256	71.0
TOTAAL	1688	100.0	69358	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	550	-

- 5.1.41 VRAAG 59 : Wat is jou houding ten opsigte van geleerdheid?

Volgens tabel 5.41 blyk dit dat die ondersoekgroep 'n meer positiewe houding ten opsigte van geleerdheid openbaar in vergelyking met die universum. Ses punt nege persent meer van die ondersoekgroep sê dat geleerdheid 'n mens in staat stel om die beste van die lewe te maak en dit is 'n betekenisvolle verskil.

TABEL 5.41

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOUDING TEN OPSIGTE VAN GELEERDHEID

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Geleerdheid het nie veel waarde nie	4	0.2	552	0.8
Ek weet nie	74	4.4	7456	10.7
Geleerdheid stel jou in staat om die beste van die lewe te maak	1609	95.4	61377	88.5
TOTAAL	1687	100.0	69385	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	2	-	523	-

- 5.1.42 VRAAG 60 : Beantwoord die onderstaande stelling volgens jou mening : "Elke kind moet skoolreëls gehoorsaam".

Volgens tabel 5.42, blyk dit dat die ondersoekgroep 'n minder positiewe houding ten opsigte van skoolreëls openbaar in vergelyking met die universum. Tagtig punt agt persent van die ondersoekgroep is van mening dat skoolreëls gehoorsaam moet word teenoor 89.5 persent in die geval van die universum wat 'n betekenisvolle verskil van 8.7 persent verteenwoordig. In vergelyking met die universum is 8.5 persent meer van die ondersoekgroep van mening dat skoolreëls nie noodwendig gehoorsaam hoef te word nie, wat ook 'n betekenisvolle verskil verteenwoordig. Bogenoemde resultaat het moontlik verband met eienskappe van die intellektueel-superieure wat deur Nichols (1967) soos volg beskryf word: "Independent, assertive, idealistic, unconventional, cynical, rebellious and argumentative. They are less frequently friendly, sociable, easy-going, obliging, co-operative, and submissive" (p. 493).

TABEL 5.42

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE HOJDING TEN OPSIGTE VAN SKOOLREËLS

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Ja	1363	80.8	62183	89.5
Nie noodwendig nie	310	18.3	6779	9.8
Nee	15	0.9	485	0.7
TOTAAL	1688	100.0	69447	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	461	-

## 5.1.43 VRAAG 61 : Wil jy graag die leier van 'n groep of span wees?

Volgens tabel 5.43 is daar by die ondersoekgroep 'n groter begeerte tot leierskap in vergelyking met die universum. Drie-en-vyftig punt nul persent van die ondersoekgroep teenoor 45.3 persent van die universum wil graag 'n leier wees, dit wil sê 7.7 persent meer van die ondersoekgroep wil graag leiding neem.

TABEL 5.43

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE BEGEERTE OM LEIDING TE NEEM

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Wil graag 'n leier wees	895	53.0	31456	45.3
Weet nie	502	29.8	19508	28.1
Wil nie 'n leier wees nie	290	17.2	18458	26.6
TOTAAL	1687	100.0	69422	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	2	-	486	-

## 5.1.44 VRAAG 62 : Kry jy genoeg sakgeld?

Volgens tabel 5.44 is daar geen betekenisvolle verskil tussen die ondersoekgroep en die universum ten opsigte van die vraag of hulle genoeg sakgeld ontvang nie.

TABEL 5.44

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE GENOEG SAKGELD ONTVANG

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Kry genoeg sakgeld	1508	89.5	59738	86.3
Kry nie genoeg sakgeld nie	176	10.5	9500	13.7
TOTAAL	1684	100.0	69238	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	5	-	670	-

## 5.1.45 VRAAG 63 : Werk jy vir jou sakgeld?

Volgens tabel 5.45 is daar 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep in vergelyking met die universum wat vir sakgeld werk. Twee-en-twintig punt een persent van die onder=soekgroep werk vir sakgeld in vergelyking met 33.1 persent in die geval van die universum.

TABEL 5.45

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE VIR SAKGELD WERK OF NIE

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Werk vir sakgeld	373	22.1	22968	33.1
Werk somtyds vir sakgeld	866	51.4	33685	48.6
Werk nie vir sakgeld nie	447	26.5	12727	18.3
TOTAAL	1686	100.0	69380	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	3	-	528	-

## 5.1.46 VRAAG 64 : Hoe was jou gesondheid gedurende die afgelope jaar?

Volgens tabel 5.46 antwoord 74.8 persent van die ondersoekgroep dat hulle gesondheid gedurende 1965 goed was teenoor 68.3 persent in die geval van die universum wat 'n betekenisvolle verskil van 6.5 persent ten gunste van die ondersoekgroep verteenwoordig. Hierdie resultaat, wat dui op die algemene fisieke meerderwaardigheid van die intellektueel-superieure, is in ooreenstemming met dié van ander ondersoeke in die verband (Hollingworth, 1929, Terman, 1925).

TABEL 5.46

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE GESONDHEIDSTOESTAND GEDURENDE 1965

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Goed	1263	74.8	47439	68.3
Redelik	415	24.6	20484	29.5
Baie swak	10	0.6	1478	2.2
TOTAAL	1688	100.0	69401	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	1	-	507	-

## 5.1.47 VRAAG 65 : Watter een van die volgende gee jou die meeste moeilikheid?

Die verdeling van leerlinge volgens psigiese en/of fisieke kwale en probleme wat hulle die meeste moeilikheid gee, word in tabel 5.47 weergegee.

TABEL 5.47

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PSIGIESE EN/OF FISIEKE PROBLEME WAT HULLE MOEILIKHEID GEE

Psigiese en/of fisieke probleme	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Nie van toepassing nie	1191	70.6	47074	68.1
Spraakgebreke, byvoorbeeld hakkell	35	2.1	2140	3.1
Uiterlike liggaamsgebreke	21	1.3	1113	1.6
Swak hart	8	0.5	831	1.2
Asma	48	2.8	1942	2.8
Oorgewig	56	3.3	1985	2.9
Vallende siekte	1	0.1	291	0.4
Hardhorendheid	17	1.0	846	1.2
Swaksiendheid	132	7.8	3908	5.7
Ander kwale	177	10.5	8985	13.0
TOTAAL	1686	100.0	69115	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	3	-	793	-

Volgens tabel 5.47, is die intellektueel-superieure kind aan dieselfde kwale en/of probleme as die universum onderhewig. Die persentasievoorkoms van die verskillende kwale is met enkele uitsonderings egter laer by die ondersoekgroep. In die geval van asma is die persentasievoorkoms dieselfde vir albei groepe. In die geval van oorgewig en swaksiendheid is die persentasievoorkoms by die ondersoekgroep hoër as in die geval van die universum. Die hoër voorkoms van swaksiendheid by die ondersoekgroep is 'n interessante verskynsel aangesien Terman dieselfde tendens gevind het by kinders met 'n IK van 140+ (Terman, 1925).

5.1.48 VRAAG 66 : Ongeveer hoeveel dae was jy tot dusver hierdie jaar van die skool afwesig?

Volgens tabel 5.48 is daar geen betekenisvolle verskil tussen die verdelings van die ondersoekgroep en die universum ten opsigte van die getal dae wat die leerlinge gedurende 1965 van die skool afwesig was nie.

TABEL 5.48

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE GETAL DAE WAT HULLE GEDURENDE 1965 VAN SKOOL AFWESIG WAS

Getal dae	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
0 tot 4 dae	1260	74.8	50217	72.5
5 tot 9 dae	256	15.2	11129	16.1
10 tot 14 dae	90	5.3	4091	5.9
15 tot 19 dae	38	2.3	1695	2.4
20 of meer dae	41	2.4	2115	3.1
TOTAAL	1685	100.0	69247	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	4	-	661	-

5.2 BEOORDELING DEUR DIE STANDERD SES-KLASONDERWYSERS

In hierdie paragraaf word die ondersoekgroep met die universum van st.6-leerlinge vergelyk ten opsigte van sekere aspekte soos deur hulle klasonderwysers beoordeel. Die beoordeling is gedoen ooreenkomstig 'n vraelys wat die klasonderwysers ten opsigte van elke st.6-leerling wat gedurende 1965 in st.6 was, moes voltooi. Die vraelys het uit 21 vrae bestaan en alleenlik die gegewens ten opsigte van 12 vrae word gerapporteer. Die orige 9 vrae dek identifiserende en ander gegewens wat buite die bestek van hierdie verslag val.

Dit sal opgemerk word dat die getal leerlinge van wie gegewens beskikbaar is, dit wil sê N van tabel tot tabel verskil. Die rede hiervoor is dat 'n beoordeling vir sommige leerlinge nie verkry kon word nie soos byvoorbeeld in die geval van nuwe leerlinge by 'n skool waar die onderwyser/es nie 'n beoordeling kon doen nie aangesien hy/sy die leerling nie goed genoeg geken het nie.

5.2.1 VRAAG 5 : Die leerling se ouderdom in jare en maande

Volgens tabel 5.49, was die gemiddelde ouderdom van die ondersoekgroep in st.6 laer as dié van die universum en dit is in ooreenstemming met die resultate van tabel 5.17, waar bevind is dat 'n groter persentasie van die ondersoekgroep op vyfjarige ouderdom of jonger skool toe is. Volgens die standaardafwyking is die ondersoekgroep ook meer homogeen wat ouderdom betref in vergelyking met die universum.

TABEL 5.49

DIE LEERLINGE SE GEMIDDELDE OUDERDOM IN JARE

Groepe	Gemiddelde ouderdom	Standaardafwyking
Ondersoekgroep	12.76 jaar	0.57 jaar
Universum	13.47 jaar	0.87 jaar

5.2.2 VRAAG 10 : Openbaar die leerling, volgens u mening, tekens van leierskap, dit wil sê neem hy/sy dikwels die voortou en leiding in groepsaktiwiteite, sport, klasbespreking, ensovoorts?

Volgens tabel 5.50 openbaar 58.0 persent van die ondersoekgroep tekens van leierskap teenoor 29.0 persent in die geval van die universum. Dit is in ooreenstemming met die resultaat van tabel 5.46 waar 'n groter persentasie van die ondersoekgroep antwoord dat hulle graag die leier van 'n groep of span wil wees. Dit blyk dus dat die ondersoekgroep nie alleenlik 'n groter behoefte of begeerte tot leierskap het nie, maar ook die vermoë en selfvertroue het om leiding te neem soos bewys word deur die beoordeling van die klas=onderwysers. Die vermoë tot leierskap van die intellektueel=superieure word ook deur ander ondersoekers gestaaf (Hildreth, 1966; Hollingworth, 1929; Nichols, 1967).

TABEL 5.50  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BEOORDELING TEN OPSIGTE VAN LEIERSKAP

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Openbaar tekens van leierskap	956	58.0	19872	29.0
Openbaar nie tekens van leierskap nie	692	42.0	48547	71.0
TOTAAL	1648	100.0	68419	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	41	-	1489	-

5.2.3 VRAAG 11 : Hoe presteer die leerling op sportgebied?

Volgens tabel 5.51, blyk dit dat die ondersoekgroep beter op sportgebied presteer in vergelyking met die universum. Een-en-twintig punt ses persent van die ondersoekgroep en 39.0 persent van die universum presteer ondergemiddeld of baie swak. Daarteenoor presteer 28.8 persent van die ondersoekgroep en 17.5 persent van die universum bogemiddeld of baie goed, dit wil sê 11.3 persent meer van die ondersoekgroep presteer bogemiddeld of baie goed. Die hoër persentasie van die ondersoekgroep wat goed op sportgebied presteer, is moontlik die gevolg van hierdie leerlinge se fisieke meerderwaardigheid (Hildreth, 1966, pp. 72-73).

TABEL 5.51  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PRESTASIE OP SPORTGEBIED

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	91	5.5	9551	14.0
Ondergemiddeld	265	16.1	17076	25.0
Gemiddeld	818	49.6	29792	43.5
Bogemiddeld	327	19.9	9088	13.2
Baie goed	147	8.9	2929	4.3
TOTAAL	1648	100.0	68436	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	41	-	1472	-

5.2.4 VRAAG 12 : Merk die een spesifieke vak of vakgroep waarin die leerling besondere aanleg toon:

Volgens tabel 5.52 toon 16.3 persent van die ondersoekgroep geen besondere aanleg in enige vak of vakgroep nie terwyl dit in die geval van die universum byna die helfte is (49.4%). Ongeveer 'n derde van die ondersoekgroep (33.6%) toon 'n aanleg in Wiskunde of Rekenkunde terwyl die ooreenstemmende persentasie in die geval van die universum 12.0 persent is. Die relatief hoë persentasie van die ondersoekgroep wat 'n aanleg in Wiskunde of Rekenkunde toon, is moontlik die gevolg van die intellektueel=begaafde se liefde en belangstelling in vakke wat abstrakte denke vereis (Hildreth, 1966; Terman, 1925). Na Wiskunde of Rekenkunde is die volgorde van vakke of vakgroepe waarin die ondersoekgroep die meeste aanleg toon soos volg: Tale 17.1 persent (universum 10.0%), Geskiedenis, Aardrykskunde, Volkekunde, of Sosiale Studies 14.8 persent (universum 12.0%), Algemene Wetenskap 13.0 persent (universum 7.0%).

TABEL 5.52

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE VAK OF VAKGROEP WAARIN HULLE BESONDERE AANLEG TOON

Vak of vakgroep	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Toon geen besondere aanleg in enige vak of vakgroep nie	265	16,3	33852	49,4
Wiskunde of Rekenkunde	545	33,6	8132	12,0
Algemene Wetenskap (Natuur- en Skeikunde, Biologie, ensovoorts)	211	13,0	4719	7,0
Tale	277	17,1	6865	10,0
Kuns (Skilder, Modelleerwerk, Kunsnaaldwerk, ensovoorts)	24	1,5	1226	1,8
Tegniese vak(ke)	8	0,5	2356	3,5
Handelsvak(ke)	16	1,0	856	1,3
Musiek	24	1,5	376	0,6
Geskiedenis, Aardrykskunde, Volkekunde of Sosiale Studies	241	14,8	8189	12,0
Huishoudkunde	9	0,5	1302	2,0
Landbou	3	0,2	218	0,4
TOTAAL	1673	100,0	68091	100,0
Gegewens nie beskikbaar nie	16	-	1817	-

Oor die algemeen is die persentasie van die ondersoekgroep wat 'n besondere aanleg in 'n vak toon, hoër in vergelyking met die ooreenstemmende persentasie in die geval van die universum. Die enigste uitsonderings is in die geval van Kuns, tegniese vakke, handelsvakke en Landbou waar die universum hoër persentasies toon alhoewel die meerderheid gering is.

5.2.5 VRAAG 13 : Wat is die leerling se skoolprestasie in die volgende vakke of vakgroepe? Gee die jongste beskikbare resultate:

Die verdeling van die leerlinge volgens hulle skoolprestasies in verskillende vakke of vakgroepe word in tabelle 5.53 tot 5.57 weergegee.

TABEL 5.53

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE PRESTASIE IN WISKUNDE, REKENKUNDE OF ALGEMENE WISKUNDE

Persentasie-intervalle	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
19 of minder	1	0,1	3678	5,3
20 - 29	4	0,2	6243	9,0
30 - 39	14	0,8	9972	14,4
40 - 49	42	2,5	12526	18,0
50 - 59	121	7,2	11979	17,3
60 - 69	252	15,1	10382	15,0
70 - 79	381	22,8	7717	11,2
80 of meer	858	51,3	6759	9,8
TOTAAL	1673	100,0	69256	100,0
Gegewens nie beskikbaar nie	16	-	652	-

TABEL 5.54

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE PRESTASIE IN EERSTE TAAL

Persentasie-intervalle	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
19 of minder	0	0.0	386	0.6
20 - 29	2	0.1	1685	2.5
30 - 39	5	0.3	6446	9.3
40 - 49	31	1.8	16268	23.4
50 - 59	170	10.2	19563	28.2
60 - 69	417	24.9	14762	21.3
70 - 79	656	39.2	7783	11.2
80 en meer	393	23.5	2442	3.5
TOTAAL	1674	100.0	69335	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	15	-	573	-

TABEL 5.55

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE PRESTASIE IN TWEDE TAAL

Persentasie-intervalle	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
19 of minder	10	0.6	1410	2.1
20 - 29	12	0.7	4346	6.3
30 - 39	34	2.1	10712	15.5
40 - 49	142	8.5	16551	23.9
50 - 59	278	16.7	16263	23.5
60 - 69	388	23.3	11778	17.0
70 - 79	489	29.4	6011	8.7
80 of meer	311	18.7	2069	3.0
TOTAAL	1664	100.0	69140	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	25	-	768	-

TABEL 5.56

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE PRESTASIE IN ALGEMENE WETENSKAP

Persentasie-intervalle	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
19 of minder	0	0.0	2549	3.8
20 - 29	7	0.4	5449	8.1
30 - 39	19	1.2	9847	14.5
40 - 49	56	3.4	13266	19.6
50 - 59	180	10.9	13079	19.3
60 - 69	324	19.7	11107	16.4
70 - 79	437	26.6	7466	11.0
80 of meer	621	37.8	4953	7.3
TOTAAL	1644	100.0	67716	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	45	-	2192	-

TABEL 5.57

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE PRESTASIE IN GESKIEDENIS, AARDRYKSKUNDE OF SOSIALE STUDIES

Persentasie-intervalle	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
19 of minder	1	0.1	1911	2.9
20 - 29	4	0.3	4226	6.3
30 - 39	15	0.9	8219	12.2
40 - 49	42	2.5	12070	17.9
50 - 59	155	9.3	12642	18.7
60 - 69	259	15.5	11456	17.0
70 - 79	412	24.7	8973	13.3
80 of meer	779	46.7	7917	11.7
TOTAAL	1667	100.0	67414	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	22	-	2494	-

Volgens die verdelings van leerlinge in tabelle 5.53 tot 5.57 blyk dit dat die onder=soekgroep deurgaans in al die vakke beter as die universum presteer. Terwyl die universum nagenoeg normaal verdeel in verhouding tot die persentasie-intervalle, is daar in die geval van die onderzoekgroep 'n opeenhoping aan die kant van die hoë persentasies. In al die gevalle behaal 3.4 persent of minder van die onderzoekgroep 'n prestasie van 39 persent of minder terwyl die persentasie van die universum wat dieselfde prestasie behaal, varieer van 28.7 persent tot 12.4 persent. Die persentasie van die onderzoekgroep wat 'n prestasie van 70 persent of meer behaal, varieer van 74.1 persent tot 48.1 persent terwyl dit in die geval van die universum van 25.0 persent tot 11.7 persent varieer.

Indien die persentasie van die onderzoekgroep wat 'n prestasie van 80 persent of meer behaal, geneem word as 'n aanduiding van die vakke waarin die onderzoekgroep die beste presteer, blyk dit dat die onderzoekgroep die beste in Wiskunde, Rekenkunde of Algemene Wiskunde presteer. Hierna is die volgorde soos volg: Geskiedenis, Aardrykskunde of Sosiale Studies; Algemene Wetenskap; eerste taal; tweede taal. In die geval van die universum is die volgorde vir dieselfde kriterium soos volg: Geskiedenis, Aardrykskunde of Sosiale Studies; Wiskunde, Rekenkunde of Algemene Wiskunde; Algemene Wetenskap; eerste taal; tweede taal. Die onderzoekgroep presteer dus die beste in vakke wat abstrakte denke vereis terwyl die universum die beste presteer in vakke waar 'n goeie prestasie in meerdere mate 'n funksie van geheue is.

In 'n afsonderlike verslag sal volledig op die skolastiese prestasie van intellektueel-superieure leerlinge ingegaan word aan die hand van eksamenpunte en hulle prestasie in skolastiese toetse. Die skoolprestasies, soos in tabelle 5.53 tot 5.57 gerapporteer is, moet dus slegs as 'n voorlopige aanduiding van die intellektueel-superieure se skolastiese prestasie gesien word.

## 5.2.6 VRAAG 14 : Maak die leerling hom/haar skuldig aan stokkiesdraai?

Volgens tabel 5.58 waarin die gegewens ten opsigte van stokkiesdraai weergegee word, is daar geen betekenisvolle verskil tussen die toetsgroep en die universum nie, alhoewel stokkiesdraaiery in 'n groter mate by die universum (4.0%) as by die onderzoekgroep (0.7%) voorkom.

TABEL 5.58

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE VOORKOMS VAN STOKKIESDRAAIERY

Beskrywing	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Draai stokkies	11	0.7	2738	4.0
Draai nie stokkies nie	1670	99.3	66688	96.0
TOTAAL	1681	100.0	69426	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	8	-	482	-



5.2.7 VRAAG 15 : Het herhaaldelike afwesigheid van skool 'n negatiewe uitwerking op die leerling se skoolprestasies?

Volgens tabel 5.59 is daar geen betekenisvolle verskil tussen die ondersoekgroep en die universum nie. Dit blyk nogtans dat 'n groter persentasie van die universum hulle aan herhaaldelike afwesigheid van skool skuldig maak asook dat 'n groter persentasie van hulle se skoolwerk daardeur nadelig beïnvloed word in vergelyking met die ondersoekgroep.

TABEL 5.59

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE INVLOED WAT AFWESIGHEID VAN SKOOL OP HULLE SKOOLPRESTASIES HET

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Nie van toepassing nie	1461	87.1	59587	85.8
Het 'n negatiewe uitwerking	8	0.5	2544	3.7
Het nie 'n negatiewe uitwerking nie	196	11.7	6004	8.7
Nie seker nie	12	0.7	1206	1.8
TOTAAL	1677	100.0	69341	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	12	-	567	-

5.2.8 VRAAG 16 : Gee u waardeskatting van die betrokke leerling ten opsigte van die volgende aangeleenthede:

(a) Samewerking met onderwysers/onderwyseresse.

Volgens tabel 5.60, blyk dit dat die ondersoekgroep se samewerking met hulle onderwysers beter is in vergelyking met dié van die universum. Twee punt twee persent van die ondersoekgroep se samewerking is ondergemiddeld of baie swak in vergelyking met 16.2 persent in die geval van die universum. Daarteenoor is 76.6 persent van die ondersoekgroep se samewerking bogemiddeld of baie goed in vergelyking met 35.0 persent in die geval van die universum.

TABEL 5.60

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SAMEWERKING MET HULLE ONDERWYSERS/ONDERWYSERESSE

Beskrywing	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	2	0.1	2406	3.5
Ondergemiddeld	35	2.1	8802	12.7
Gemiddeld	355	21.2	33991	48.8
Bogemiddeld	494	29.4	14572	21.0
Baie goed	792	47.2	9675	14.0
TOTAAL	1678	100.0	69464	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	11	-	444	-

(b) Ywer wat die leerling ten opsigte van sy/haar skoolwerk aan die dag lê.

Volgens tabel 5.61 blyk dit dat ook wat ywer ten opsigte van skoolwerk betref, die ondersoekgroep beter as die universum beoordeel word. Twee punt agt persent van die ondersoekgroep se ywer word as ondergemiddeld of baie swak beoordeel terwyl 22.7 persent van die universum as sodanig beoordeel word. Daarteenoor word 77.7 persent van die ondersoekgroep as bogemiddeld of baie goed beoordeel in vergelyking met 31.3 persent in die geval van die universum.

TABEL 5.61

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE YWER TEN OPSIGTE VAN SKOOLWERK

Beskrywing	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	1	0.1	3854	5.6
Ondergemiddeld	45	2.7	11906	17.1
Gemiddeld	328	19.5	31949	46.0
Bogemiddeld	456	27.2	12997	18.7
Baie goed	848	50.5	8718	12.6
TOTAAL	1678	100.0	69424	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	11	-	484	-

(c) Die leerling se kans om st. 10 te slaag.

Volgens die klasonderwyser se beoordeling van die leerling se kans om st. 10 te slaag, soos weergegee in tabel 5.62 blyk dit dat die intellektueel-superieure n baie beter kans het om st. 10 te slaag as n leerling wat intellektueel minder bedeed is. Volgens tabel 5.62 is 89.0 persent van die onderzoekgroep se kanse om st. 10 te slaag bogemiddeld of baie goed terwyl die ooreenstemmende persentasie in die geval van die universum slegs 29.2 is, dit wil sê 59.8 persent minder in vergelyking met die onderzoekgroep.

TABEL 5.62

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE KANSE OM ST. 10 TE SLAG

Beskrywing	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	0	0.0	11252	16.2
Ondergemiddeld	16	1.0	15053	21.7
Gemiddeld	168	10.0	22788	32.9
Bogemiddeld	338	20.1	9748	14.1
Baie goed	1155	68.9	10453	15.1
TOTAAL	1677	100.0	69294	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	12	-	614	-

5.2.9 VRAAG 17 : Kom die leerling, volgens u mening, goed met sy/haar medeskoliere klaar?

Volgens die gegewens van tabel 5.63 is daar geen betekenisvolle verskil tussen die onderzoekgroep en die universum ten opsigte van samewerking met medeskoliere nie.

TABEL 5.63

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SAMEWERKING MET MEDESKOLIERS

Beskrywing	Onderzoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
Kom goed met medeskoliers klaar	1628	97.1	66201	95.7
Kom nie goed met medeskoliers klaar nie	49	2.9	2970	4.3
TOTAAL	1677	100.0	69171	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	12	-	737	-

5.2.10 VRAAG 18 : Wat is, volgens u mening, die hoogste standaard wat die leerling kan slaag?

Volgens die onderwysers se beoordeling, soos weergegee in tabel 5.64, is 99.0 persent van die onderzoekgroep in staat om st. 10 te slaag in vergelyking met 59.4 persent in die geval van die universum. Volgens hierdie beoordeling wil dit voorkom asof die onderzoekgroep, met die moontlike uitsondering van n paar leerlinge, skoolwerk van n hoë gehalte lewer en in ooreenstemming met hulle vermoëns presteer.

TABEL 5.64

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE HOOGSTE STANDERD WAT HULLE KAN SLAAG

Standerd	Ondersoekgroep		Universum	
	N	%	N	%
6	1	0.1	2784	4.0
7	0	0.0	3985	5.8
8	12	0.7	18299	26.4
9	3	0.2	3018	4.4
10	1658	99.0	41245	59.4
TOTAAL	1674	100.0	69331	100.0
Gegewens nie beskikbaar nie	15	-	577	-

## 6 SAMEVATTING EN SLOT

Die ondersoekgroep van 1689 leerlinge, waaroor hierdie verslag handel, was die totale getal leerlinge met 'n gemete IK van 127+ wat uit die universum van 1965 se st.6-leerlinge geselekteer is. Hierdie 1689 leerlinge is ten opsigte van biografiese agtergrond, onderwysersbeoordeling en enkele ander aspekte met die universum van 1965 se st.6-leerlinge vergelyk om sodoende 'n beter begrip van die intellektueel-superieure leerlinge te verkry. Hierdie verslag dien onder andere as 'n inleidende studie met die oog op verdere navorsing insake die intellektueel-superieure leerling en begaafdheid as verskynsel.

Die bevindinge van hierdie ondersoek het dus alleenlik betrekking op intellektueel-superieure leerlinge op st.6-vlak en word soos volg saamgevat:

## 6.1 PERSOONLIKE EN ANDER BESONDERHEDE

In vergelyking met die universum toon die intellektueel-superieure leerlinge hoër beroepsaspirasies, beter gesondheid en 'n sterker begeerte tot leierskap. Relatief meer van hulle woon by hulle ouers en relatief meer woon in stede en stedelike gebiede. Daarenteen openbaar hulle 'n minder gunstige houding ten opsigte van godsdiens en minder van hulle werk vir sakgeld.

Ten opsigte van die vraag of leerlinge genoeg sakgeld ontvang, hul woonplek gedurende skoolkwartale en voorkoms van afwesigheid van skool, is geen verskille van praktiese betekenis tussen die intellektueel-superieure leerlinge en die universum gevind nie.

Dit blyk verder dat intellektuele vermoë ewekansig ten opsigte van die twee geslagte versprei en nie een geslag bo die ander bevoordeel nie aangesien die geslagsamestelling van die groep intellektueel-superieure leerlinge presies dieselfde as dié van die universum bevind is. 'n Opvallende verskynsel is dat 2.1 persent meer van die intellektueel-superieures probleme met swaksiendheid ondervind. Alhoewel hierdie verskil nie as betekenisvol beskou is nie, is die groter voorkoms van swaksiendheid by die intellektueel-superieure in ooreenstemming met 'n soortgelyke bevinding deur Terman.

## 6.2 GESINSAGTERGROND

In vergelyking met die universum blyk dit dat relatief meer van die intellektueel-superieure leerlinge se ouers oor hoër onderwyskwalifikasies beskik en relatief meer van hulle vaders die hoëre sosio-ekonomiese beroepe beklee. Relatief meer intellektueel-superieure leerlinge is die oudste of tweede oudste kind in die gesin, relatief meer van hulle kom uit gesinne waarvan die kindertal vier of minder is, dit wil sê kleinere gesinne en relatief meer van hulle se broers en/of susters is of was op universiteit.

Egskeiding kom minder by die ouers van die intellektueel-superieure leerlinge voor, relatief meer van hulle ouers leef nog albei en relatief meer van hulle moeders werk buitenshuis. In laasgenoemde twee gevalle is die verskille egter nie groot genoeg om van praktiese betekenis te wees nie.

### 6.3 SKOOL- EN STUDIEAANGELEENTHEDE

In vergelyking met die universum blyk dit dat relatief meer intellektueel-superieure leerlinge op 'n jonger ouderdom skool toe is en relatief meer van hulle kleuterskole besoek het. Hulle openbaar 'n meer positiewe houding ten opsigte van skoolgaan en geleerdheid en 'n minder positiewe houding ten opsigte van skoolreëls en huiswerk. Verder openbaar hulle hoër onderwysaspirasies, druij minder op skool en relatief meer van hulle ouers kan dit bekostig om hulle tot st. 10 asook na st. 10 te laat leer. Ten opsigte van die getal skole bygewoon, standerds oorgeslaan en tyd om huiswerk te doen, is daar nie 'n prakties betekenisvolle verskil tussen die intellektueel-superieure leerlinge en die universum nie.

### 6.4 VRYETYDSBESTEDING

In vergelyking met die universum blyk dit dat relatief meer van die intellektueel-superieure leerlinge van lees hou en hoofsaaklik biblioteekboeke lees, aan meer buitemuurse aktiwiteite deelneem en meer tyd daaraan bestee, meer naskoolse lesse soos ballet, musiek, ensovoorts ontvang en meer stokperdjies beoefen.

Wat die beoefening van stokperdjies self betref, blyk dit dat in vergelyking met die universum relatief meer van die intellektueel-superieure leerlinge artikels versamel, modelle bou en fotografie beoefen. Daarenteen word handwerk en tuinmaak in 'n mindere mate deur hulle as stokperdjies beoefen terwyl daar in die geval van kunsbeoefening, aanhou van troeteldiere en met gereedskap werk geen prakties betekenisvolle verskil tussen hulle en die universum is nie.

Daar is verder geen prakties betekenisvolle verskil tussen die intellektueel-superieure groep en die universum ten opsigte van houding teenoor sport nie. Ongeveer 70 persent van albei groepe sê dat hulle baie van sport hou. Hierdie bevinding weerlê 'n taamlik algemene populêre mening, naamlik dat die intellektueel-superieure 'n boekwurm is wat geen of min belangstelling in sport toon.

### 6.5 ONDERWYSERSBEOORDELING

'n Vergelyking van die intellektueel-superieure leerlinge met die universum op grond van hulle beoordeling deur die st.6-klasonderwysers, bring aan die lig dat die intellektueel-superieure leerling ten opsigte van die skoolsituasie goed aangepas is. Relatief meer van hulle openbaar tekens van leierskap en relatief meer van hulle presteer bogemiddeld of baie goed op sportgebied. Hulle presteer skolasties beter as die universum en toon veral 'n goeie prestasie in Wiskunde en/of Rekenkunde wat blykbaar 'n aanduiding is van hulle vermoë tot abstrakte denke. Hulle openbaar verder 'n beter samewerking met hulle onderwysers, is meer ywerig wat hulle skoolwerk betref en is minder geneig om stukkies te draai.

Meer as 80 persent van die intellektueel-superieure leerlinge toon 'n besondere aanleg in een of meer van die verskillende vakke wat op st.6-vlak gedoseer word in vergelyking met slegs 50.6 persent in die geval van die universum. Ten opsigte van samewerking met medeskoliere is daar nie 'n verskil van praktiese betekenis tussen hulle en die universum nie.

### 6.6 SLOT

In die lig van die feit dat hierdie verslag alleenlik 'n inleiding tot verdere navorsing insake die intellektueel-superieure leerling is, word daar in hierdie stadium geen gevolgtrekking gemaak of aanbeveling gedoen nie. Daar word nietemin vertrou dat die bevindinge van hierdie inleidende studie tot 'n betere kennis en begrip van die intellektueel-superieure leerling sal bydra.

BYLAAG

Voorbeelde van beroepe wat by die verskillende beroepsgroepe volgens tabelle 5.1 en 5.2 ingedeel is.

	Beroepsgroepe	Beroepe
1	Professioneel of semi-professionele werkers	Apteker, argitek, advokaat, balju, chirurg, geoloog, ingenieur, landmeter, notaris, regter, veearts, vertaler.
2	Administratiewe werkers	Afdelingshoof, besturende direkteur, mynbestuurder, personeelbestuurder, sekretaris, uitvoerende beampte.
3	Klerklike werkers	Bankklerk, boekhouer, kassier, klerk, posmeester, possorteerder, stoomman, snelskrywer, teller, tydopnemer.
4	Verkoopswerkers	Afslaer, assuransie-agent, buiteverkopers, eiendomsagent, handelsreisiger, markagent, sake=man, smous.
5	Geskoolde ambagsmanne	Bakker, boorman, elektrisiën, ketelmaker, messe=laar, sweiser, skilder, slagter, timmerman, verf=sputwerker.
6	Opgeleide buitewerkers	Ambulansbestuurder, doeanebeampte, hyskraandry=wer, kondukteur, kelner, loods, rangeerder, ver=keersbeampte.
7	Boere, tuiniers, bosbouers, vissers	Boer, bestuurder van 'n boerdery, bosbouer, tui=nier, vee-inspekteur, visser.
8	Persoonlike en huishoudelike diens=werkers	Begrafnisondernemer, hofmeester, kleremaker, kok, spysenier.
9	Operateurs en halfgeskoolde werkers	Betonwerker, blokman, boomsnoeier, dambouer, fabriekswerker, horlosiemaker, mynwerker, ploeg=baas.
10	Ongeskoolde werkers	Padwerker, plaaswerker, spoorwegwerker, skoonmaker, veër.

- 1 ABRAHAM, W. "A Hundred gifted children". Understanding the child. 1957, 26, 116 - 120.
- 2 BARBE, W.B. "A Study of the family background of the gifted". J. Educ. Psychol., 1956,  
47, 302 - 309.
- 3 DUMINY, P.A. Begaafdheid - enkele psigologiese en pedagogiese aspekte. Pretoria,  
Van Schaik, 1960.
- 4 FREEHILL, M.F. Gifted children - their psychology and education. New York, Macmillan,  
1961.
- 5 HILDRETH, Gertrude H. Introduction to the gifted. New York, McGraw-Hill, 1966.
- 6 HOLLINGWORTH, Leta S. Gifted children : their nature and nurture. New York, Macmillan,  
1929.
- 7 NICHOLS, Robert C. "The Origin and development of talent". Phi Delta Kappan, 1967, 48,  
492 - 496.
- 8 TERMAN, L.M. and ODEN, M.H. The Gifted child grows up. Vol. IV of Genetic studies of  
genius, Terman, L.M. (ed.). Stanford, Stanford University Press, 1947.
- 9 TERMAN, L.M. (ed.), et al. Mental and physical traits of a thousand gifted children.  
Vol I of Genetic studies of genius, Terman, L.M. (ed.). Stanford, Stanford University  
Press, 1925.
- 10 WECHSLER, D. The Measurement and appraisal of adult intelligence. London, Bailliere,  
Tindall and Cox, 1958.

